# HOOFSTUK VI.

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN SUGGESTIES.

### 1. INLEIDING.[1)]

In die jaar 1900, terwyl die driejarige oorlog nog in volle gang was, is deur die Engelse militêre owerhede 'n onderwysstelsel in die Transvaal ingevoer, gebaseer op die Kaapse en Engelse stelsels. Aanvanklik is net op laer onderwys gekonsentreer en kampskole opgerig, maar spoedig is daar ook hoërskole geopen en voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwysers. Teen 1903 is daar ook pogings aangewend om naturelle-onderwys op vaste voet te plaas.

Die begin was klein maar die stelsel het, wat getalle betref, spoedig gegroei in al sy vertakkings en onder die leiding van bekwame en vérsiende hoofde soos Sargant, Adamson e.a. ook snel verbeter t.o.v. sy kwaliteit, sodat hy spoedig in baie opsigte nie by die stelsels in ander lande ten agter gestaan het nie. Die onderwysdepartement het veel te danke gehad aan die opofferende ywer van sy pligsgetroue inspekteurs, wat, hoewel hulle onder die heersende toestande aanvanklik aan verouderde inspeksiemetodes bly vaskleef het, hulle afgesloof het in die diens van die departement en dit onder uiters ongunstige omstandighede.[2)]

Toe die ou garde van inspekteurs eindelik in die twintigerjare geheel van die toneel verdwyn het, is daar met leedwese van hulle afskeid geneem in die openbaar sowel as in die jaarverslae van die departement, maar tog was die tyd toe ryp, miskien juis as gevolg van hulle verdwyning, om nuwe inspeksiemetodes toe te pas, en nuwe insigte te huldig i.v.m. die eksaminering van veral die laerskole.

---

1) Aangesien hierdie hoofstuk in hoofsaak 'n samevatting van die voriges is waarin elke feit en bewering van belang gedokumenteer is, word die dokumentering hier tot 'n minimum beperk om onnodige herhaling te vermy.

2) Debates of the Third Session of the Legisl. Council of Transvaal, 1904, bl. 118.

Die onderwysers het aanvanklik bestaan uit onopgeleide seuns en dogters van die land, oud-onderwysers uit die republikeinse tydperk en ingevoerde onderwysers uit die Britse Ryk wat die taal nie kon besig nie en sommige van wie hulle moeilik by die Boere kon aanpas. Geleidelik het die toestand verbeter totdat tans minder as 1 persent van alle blanke onderwysers ongesertifiseerd is.

Gedurende die afgelope veertig jaar het die wese van die skoolwerk 'n geweldige verandering ondergaan. In die begin was die skoolwerk in die Transvaal, soos in alle ander lande, tradisioneel en formeel. Met verloop van tyd het die nuwe rigtings in die opvoedkunde, gebaseer op nuwe sielkundige, biologiese, sosiologiese, ekonomiese, en veral filosofiese insigte, wat veral in Amerika en Duitsland opgang gemaak het onder manne soos Dewey en Kerschensteiner, en deur baie van hulle navolgers uitgewerk is, ook in die Transvaal hulle invloed laat geld, sodat die moderne opvoedkundige rigtings in minder of in meerder mate in die groot meerderheid van die Transvaalse skole die werk 'n ander karakter gegee het. Die invloed hiervan op die eksamen- en inspeksiestelsels en op die inspekteurs en onderwysers se persoonlike insigte is in die loop van die verhandeling aangetoon en sal verder blyk in hierdie hoofstuk.

Naturelle-onderwys wat, net soos die onderwys vir blankes, klein begin het, het ook na verhouding snel uitgebrei, hoewel dit nooit tot vry staatsonderwys gekom het nie, maar tot op die huidige nog staatsondersteunde onderwys gebly het. Vanaf 1903 tot 1906 en weer vanaf 1920 tot vandag was daar spesiale inspekteurs vir naturelleskole. Tussen 1906 en 1920 moes die distriksinspekteur ook die naturelleskole behartig, wat as gevolg van die omvangrykheid van die werk dikwels verwaarloos is.

'n Blik na die statistieke is voldoende om die groei in omvang te besef. In 1900 was daar feitlik geen skole nie. In 1902 is aan 27,940 leerlinge onderrig verskaf en in 1940 aan 154,000. In 1917 was daar 10 hoërskole en in 1940 was daar 46 wat aan 17,920 leerlinge onderwys gebied het. Die onderwys het egter nie net in kwantiteit verbeter nie, maar ook in kwaliteit. Bode sê[1]:

> „It is clear that something of tremendous significance has been taking place in this country, and to a greater or less extent all over the world"

gedurende die afgelope dertig of veertig jaar, en dr. Coetzee beweer en bewys[2] dat die onderwys in S.A. sowel in omvang as in gehalte tans tenminste gelyk is aan die in die voorste Westerse lande, en wat die middelbare onderwys betref in baie opsigte daardie lande voor is. As in aanmerking geneem word dat die huidige Transvaalse stelsel slegs veertig jaar gelede op die nulpunt begin het, was die vordering voorwaar indrukwekkend.

Die oorsake vir hierdie geweldige vooruitgang word deur Coetzee genoem[3]: die verbetering in die opleiding van onderwysers, die onderwys van die opvoedkunde as wetenskap aan die universiteite, die verligte opvattings van die maghebbers op die gebied van die onderwys soos die van Adamson, Kuschke, Bekker e.a., die invloed van oorseesgevormde manne, die besoek van oorseese geleerdes, die stigting van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, die geskrifte van moderne opvoedkundiges, die invloed van praktiese onderwysmanne wat nuwe weë inslaan dog wie se getal in S.A. ongelukkig nog klein is.

Nuwe aktiwiteite is in die leerplanne ingevoer om kunsgevoel en gesondheid te ontwikkel en om die skoollewe in te skakel by die lewe daarbuite. Ons beleef egter nog 'n oorgangstydperk en daar word nog soms in die duister getas en proefondervindelik te werk gegaan.

---

1) Bode, Boyd H.: Modern Educational Theories, bl. 226.
2) Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl. 52.
3) Coetzee, J.C.: Ibid, bl. 46-52.

## 2. LAER ONDERWYS.

### (a) Skole en Leerlinge.

#### (i) Wette en Ordonnansies.

Net toe die driejarige oorlog 'n gunstige wending vir die Britte geneem het, het die militêre owerhede planne begin beraam om skole in die voormalige republieke te open. Die belangrikheid van skole om die verengelsingsproses te vergemaklik en te verhaas is toe, net soos later, besef. Dat die beleid egter nie geslaag het nie, het gou duidelik geword met die oprigting van die C.N.O.-skole, die oorwinning van die party van die Boere in 1906, taalgelykheid in 1910, die snelle opkoms en groei van Afrikaans en Afrikaansmediumskole.

E.B. Sargant is in 1900 hierheen ontbied deur lord Milner om die oprigting van skole te behartig. Hy het begin om skole op te rig in die konsentrasiekampe. Die skole is in tente gehuisves, die voertaal was Engels en die leerplan die van Kaapland. Na die beëindiging van die oorlog is die skole, saam met die gerepatrieerde Boeregesinne, na al die dele van die land verplaas. Die organiserende inspekteurs wat aangestel is om die kampskole te organiseer, het hulle werk daarna toegespits op die oprigting, instandhouding en inspeksie van die skole dwarsdeur die Transvaal.

In 1903 is Ordonnansie no. 7 uitgereik. Dit was die eerste poging om onderwyssake te sistematiseer, en het op sowel goewermentskole as privaat skole betrekking gehad. Daar was naamlik 'n aantal skole, deur die Boere self opgerig, wat geweier het om hulle onder die departement te stel. Hierdie skole is gedurende 1903 in 'n stelsel saamgesnoer, bekend as die C.N.O., en het assodanig bly voortbestaan - 'n selfstandige stelsel volgens die aard en die opvattings van die Boere - totdat dit in 1907 vrywillig by die staatstelsel ingelyf is nadat die Boere-

party die oorwinning in die algemene verkiesing behaal het en die Boeregeneraals aan bewind van sake gekom het.

Die ord. van 1903 het voorsiening gemaak vir vry laer onderwys in goewermentskole waar daar minstens 30 kinders tussen die ouderdomme van 6 en 14 jaar was.

Die tweede groot poging om onderwys op vaste voet te bring, was Wet no. 25 van 1907, die Smutswet. So deeglik is hierdie wet opgestel dat dit tans nog die basis van die onderwysstelsel in die Transvaal vorm hoewel dit in kleiner besonderhede met verloop van tyd geamendeer is om by die veranderende toestande aan te pas. Ook t.o.v. die voertaal het daar belangrike veranderings gekom waarop in 'n later paragraaf gewys sal word onder die twee tale. I.v.m. die taalkwessie was daar baie beswaar van die kant van die Afrikaners; vir die orige is die wet verwelkom.

By die totstandkoming van die Unie in 1910 is die gelykheid van die twee tale, Hollands en Engels, erken. In die Transvaalse Provinsiale Raad moes toe wetgewing ingedien word om hierby aan te pas. In hierdie opsig is die Smutswet in 1911 gewysig deur die Rissik-ordonnansie, soos Ord. no. 5 van 1911 genoem is. Daar die ouers die medium kon kies, het talle skole dadelik Hollands as medium ingevoer. Dit was die begin van 'n groot ommekeer, soos later aangetoon sal word.

In 1934 is die Onderwyswet (Taal) Wysigingsordonnansie deur die Provinsiale Raad aangeneem waarin neergelê is dat die keuse van die voertaal nie by die ouers moes berus nie, maar dat dit die huistaal moes wees, d.w.s. die taal wat die leerling die beste verstaan het. Hieroor moes die hoof beslis, of, as daar twyfel bestaan het, die inspekteur.

(ii) Leerplanne.

In die kampskole moes die leerplanne van die Kaap-Kolonie gevolg word. In 1903 is daar leerplanne uitgereik en die vakke van onderrig neergelê. Die Boere is in sover tegemoetgekom dat Hollands as vak op versoek van die ouers

vir drie uur per week onderwys kon word. Godsdiensonderrig moes in alle laerskole gegee word vir twee uur per week deur middel van Hollands waar verlang. Feitlik al die inspekteurs het in 1904 en 1906 in hulle verslae gekla dat die leerplan te oorlaai was en dat dit veral moeilikheid gelewer het in die groot aantal eenmanskole, waar een onderwyser, en dit dikwels 'n onervare en ongekwalifiseerde onderwyser, soms soveel as nege klasse moes behartig. Die volgende vakke moes onderrig word: godsdiens, die twee tale, rekene, aardrykskunde, geskiedenis, skrif, sang.

Hierdie Kode van Fabian Ware het in gebruik gebly totdat J.E. Adamson in 1909, na raadpleging met onderwysers, nuwe regulasies uitgevaardig het. Adamson, self 'n filosoof, het vanaf die vroeë jare van die eeu steeds blyke gegee dat hy die modernste filosofiese sienswyses gehuldig het. Dit het ook in sy nuwe leerplanne van 1909 weer geblyk. Benewens die tradisionele skoolwerk moes die leerlinge in aanraking gebring word met hulle natuurlike omgewing, op die platteland deur natuurstudie en tuinbou en op die dorpe deur die beginsels van die natuurkunde te leer; hulle moes 'n mate van kennis opdoen van die wêreld en sy mense; hulle moes onderrig word in eenvoudige gesondheidsleer en liggaamlike ontwikkeling; hulle moes handewerk, tekene en naaldwerk doen. Die aanpassing van die kind by sy drievoudige omgewing - die natuur, die beskawing, die sedelikheid - het dan ook die hooftema uitgemaak van sy groot werk „The Individual and the Environment" wat in 1921 verskyn het.

Adamson het die demokratiese beginsel gehuldig van raadpleging met die georganiseerde professie. In 1911 het hy 'n kommissie, bestaande uit verteenwoordigers van die V.V.O.O. en die T.T.A., versoek om aanbevelings te doen i.v.m. die vereenvoudiging van die leerplan omdat die onderwysers dit as te oorlaai beskou het. Die stof moes halsoorkop behandel word en dit het gelei tot oorhaastige

assimilasie wat later ondoeltreffend geblyk het as die leerstof gebruik of gereproduseer moes word. Hier dien onthou te word dat elke leerling in elke vak geëksamineer is, óf deur die inspekteur by sy besoek óf deur middel van 'n eksterne eksamen, en dat reproduksie dus hoogsnoodsaaklik was.

Die uitkoms was 'n vereenvoudigde leerplan. Woord- en sinsontleding, die abstrakte studie van sinsbou, moes verdwyn; spreekoefeninge is beklemtoon; die geskiedenis- en ander leerplanne is verminder. Hierdie leerplan het egter geen onderskeid tussen plaas- en dorpskole gemaak nie, en het, wat die plaasskole betref, in werking gebly tot 1913 toe die Onderwysraad, met Adamson as voorsitter, na deeglike ondersoek tot die besluit geraak het dat die onderwys op die platteland meer by die omgewing aangepas moes word en dat die leerplanne vir buiteskole vereenvoudig moes word. Veral natuurstudie en handearbeid moes by die plattelandse lewe inskakel. Adamson het selfs op hierdie vroeë stadium al die oprigting van skoolplase bepleit. Die nuwe leerplan het die volgende vakke vir buiteskole verpligtend gemaak: die twee tale, S.A. sowel as algemene geskiedenis en burgerpligte, aardrykskunde, natuurstudie, rekene en bybelonderrig. Tegelyk met die nuwe leerplan is ook die groepstelsel op die platteland ingevoer.

Die nuwe leerplan het, volgens die inspeksieverslae, spoedig goeie vrugte afgewerp, maar skooltuine het lank daarna nog 'n seldsaamheid gebly.

In 1917 is 'n samevattende leerplan vir laer en middelbare skole gepubliseer met die opskrif „Leergangen voor de Voornaamste Vakken onderwezen op de Gewone Lagere School en voor de Voornaamste Middelbare Leervakken, alsmede de Biezondere Middelbare Leergangen voor Handelsvakken en Huishoudkunde." Die leerplan vir buiteskole het onveranderd gebly en die vir laer dorpskole het ook slegs geringe wysiging ondergaan.

In 1923 is „Regulasies vir Laerskole vir Blanke Kinders (dorpskole)" uitgegee waarin die leerplanne vir die intermediêre skole, opgerig in 1922, ook opgeneem is. Hierdie leerplanne het van krag gebly tot die einde van 1926. Vanaf die begin van 1927 is geleidelik hersiene leerplanne uitgegee vir godsdiensonderwys, naaldwerk, geskiedenis, gesondheidsleer, praatonderwys in die tweede taal.[1)] Die nuwe leerplanne is in 1929 saamgevat in die „Regulasies betreffende Laerskole vir Blanke kinders met wenke insake Leergange."

In 1940 is nuwe voorlopige leerplanne vir alle vakke deur deskundige kommissies opgestel. Na 'n proeftydperk van ongeveer twee jaar is hulle in 1942 in meer vaste vorm ingevoer. Die vernaamste uitbreiding was op die gebied van kunsvlyt, sang en liggaamsoefeninge waarvoor deeglike volledige leerplanne opgestel is.

Die invoering van vakke wat met kuns te doen het, is 'n direkte gevolg van die invloed wat van die N.O.B.-konferensie van 1934 uitgegaan het, en veral van die voorlesings deur Arthur Lismer wat in 1936 op uitnodiging nogeens S.A. besoek en voorlesings gehou het.

Vir die orige is die leerplanne nader aan die lewe gebring. Sulke gedrogte soos tenks met drie krane, of een man wat 'n huis afbreek terwyl 'n ander hom nog bou, kom nie meer voor nie. Dinge word geleer soos hulle in die lewe voorkom, en nie iets anders met die hoop op oordrag van oefening nie

(iii) Leerplig.

Ord. no. 7 van 1903 het voorsiening gemaak vir vry laer onderwys waar daar op 'n plek 30 leerlinge tussen die ouderdomme van 6 en 14 jaar byeengebring kon word. Onder die na-oorlogse toestande kon egter nog geen verpligte skoolbesoek toegepas word nie. Wet no. 25 van 1907 het leerplig tot by 14 jaar of die voltooiing van st. IV ingevoer. In 1912 is dit verhoog tot 15 jaar of die vol-

tooiing van st. V. Gedurende 1916 is dit nogeens verhoog tot 16 jaar of st. VI, maar die keuse van die invoering is aan elke skoolraad gelaat. Steeds meer en meer het skoolrade dan ook daartoe oorgegaan om die verhoogde leerplig in te voer.

Reeds in 1917 het Adamson van 'n algemene verlange na onderwys bokant die laerskool melding gemaak. Hy het as ideaal gestel 'n tienjarige skoolloopbaan vir alle kinders, d.w.s. tot minstens st. VIII. Hierdie ideaal is eers in 1930 op die wetboek geplaas toe leerplig tot 16 jaar of die voltooiing van st. VIII verhoog is. Op aanvraag kon skoolrade die leeftydsgrens verlaag tot 15 jaar maar nie die skoolstanderd verminder nie. Weëns die swak finansiële toestande kon hierdie verhoging nie ingevoer word nie en is dit in 1931 herroep. Met die verbetering van die toestande is die bepalings in 1933 opnuut ingevoer. Die plattelandse streke het egter moeilikheid opgelewer, want as die wet uitgevoer moes word, sou aan alle leerlinge buite die driemyl-grens beurse toegeken moet word om hulle in staat te stel om sentrale skole met st. VII- en VIII-klasse te besoek. Geleidelik is die moeilikheid oorkom deur 'n uitgebreide sentralisasiebeleid en motorvervoerskema. Teen 1940 was daar reeds 341 vervoerskemas in werking wat daagliks 14,074 leerlinge na en van skool vervoer het teen 'n koste van £454 per dag.

Die verhoging van leerplig en die verskaffing van sulke fasiliteite soos skoolkoshuise en motorvervoer is 'n uitvloeisel van die demokratiese beginsel van gelyke geleenthede vir almal. Op hierdie wyse het die plattelandse leerlinge dieselfde, of byna dieselfde, geleenthede as die dorps- en stadsleerlinge. Die verhoogde leerplig en onderwyspeil stel ook die blankes in staat om die beskawing te handhaaf teenoor die groot massas nie-blankes in die land.

(iv) Oorgang van die laer na die middelbare skool.

Hierdie saak was in die verlede steeds 'n onderwerp van twis tussen laer- en hoërskoolonderwysers. Eersgenoemde wou die leerlinge so lank moontlik behou terwyl laasgenoemde hulle so gou moontlik wou ontvang. Die oorgang het steeds gevarieër van die voltooiing van st. V tot die voltooiing van st. VI.

Volgens die regulasies van 1903 is die toelatingsouderdom tot 'n middelbare skool op minstens 9 jaar gestel en minstens st. III moes voltooi wees. Al dadelik moes sulke jong kinders dan met sekere middelbare skoolvakke begin. Die regulasies van 1909 het hierin 'n verandering gebring toe Adamson bepaal het dat die middelbare skoolkursus vyf jaar sou duur na die voltooiing van st. V in die laerskool. Dit was deurgaans Adamson se mening dat dit die regte punt van oorgang was. Daar was egter steeds leerlinge wat in die plattelandse skole verder as st. V wou leer maar nie in staat was om middelbare skole by te woon nie. Daar was ook diegene wat wel van plan was om 'n middelbare skool by te woon maar dit nie kon bekostig om reeds na st. V daarheen te gaan nie. Deur praktiese moeilikhede daartoe gedwing, is st. VI op die laerskool behou. Veral vanaf 1916, toe st. VI die eindpunt van volksonderwys geword het, moes die laerskole st. VI behou. Die st. VI-eksamen het dan daarna ook die eindeksamen van die laerskool sowel as die toelatingseksamen tot die middelbare skool geword.

Vanaf 1914 is daar per regulasie neergelê dat die oorgang slegs na st. VI sou plaasvind. In 1918 is hierdie stap herbekragtig. In 1921 het 'n kommissie van inspekteurs en onderwysers aanbeveel dat oorplasing na st. V gereël moes word. Adamson het dit as die regte stap beskou dog kon nog nie sy weg oop sien om dit in te voer nie.

In 1923 het Adamson die saak weer te berde gebring in sy jaarverslag. Volgens hom was hoofde van hoërskole

sonder uitsondering ten gunste van oorplasing na st. V. In Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom is dit dan toe reeds ook al gedoen en Adamson was ten gunste van uitbreiding van hierdie stap na die platteland, dog nog is dit nie uitvoerbaar geag nie. Die hoërskooltoelatingseksamen (H.S.T.) wat reeds sedert 1923 in die stede hierbo genoem afgeneem is, is vanaf 1926 na die platteland uitgebrei maar oorplasing na die hoërskool kon nog na V of na VI plaasvind vanuit die platteland. Omdat byna geen leerlinge na st. V vanaf die platteland oorgeplaas is nie, is die H.S.T. aldaar weer afgeskaf in 1933, asook later in Pretoria en Potchefstroom, sodat dit alleen in Johannesburg behou is.

Die Onderwyskommissie van 1937 het, nadat hy die voor- en nadele opgesom het, dit as sy mening uitgespreek dat dit die beleid van die provinsie moes wees om die laerskoolkursus na st. V te beëindig. Die departement het hiermee saamgestem, hoewel praktiese moeilikhede dit nog steeds onmoontlik gemaak het. In 1940 het die departement dit as sy voorneme te kenne gegee om st. VI by alle laerskole af te skaf, na gelang plaasruimte by hoër en junior hoërskole beskikbaar geword het.

Die indeling van skole is baie belangrik. Die laerskool word algemeen beskou as die skool waar die fondament gelê moet word vir enige verdere ontwikkeling; d.w.s. daar moet die leerlinge leer lees, skryf, reken en dergelike basiese vaardighede opdoen wat hulle in staat sal stel om 'n verdere kursus in 'n meer gevorderde skool in die een of ander rigting te volg. Algemene ontwikkeling soos aanpassing by die omgewing, en spesifieke ontwikkeling soos deur middel van kunsvlyt, sang, ens. hoef hier nie oorweeg te word nie, aangesien vir verdere studie die Kern en nie die Kurse onontbeerlik is. Die vraag op watter stadium die leerlinge die basiese vaardighede bemeester het, word op uiteenlopende maniere

beantwoord. Prof. J.C. Coetzee het in 1939 dit as sy mening uitgespreek dat hierdie stadium reeds na st. IV bereik is.[1] Dit mag in enkele gevalle wel die geval wees, maar in die oorgrote meerderheid gevalle is lees-, skryf- en rekenvaardigheid nog uiters eenvoudig en beperk. Verwysing na die eksamenverslae van sts. V en VI is voldoende om dit te bewys. Leerlinge kan na st. IV nog nie veel voordeel uit bv. 'n handelskursus trek nie. Waarheen moet hulle intussen gaan? Die regte oorgangstadium skyn minstens aan die einde van st. V te wees soos dit tans algemeen in die Transvaal aanvaar word, behalwe as die laerskole hulle uitsluitlik sou bepaal by die instrumentele vakke, wanneer daar wel 'n beter vaardigheidspeil bereik sal word na st. IV. Vir so 'n weg sal prof. Coetzee seker die minste van almal te vinde wees. 'n Ander moontlike oplossing sou wees om alle leerlinge na st. IV na 'n junior hoërskool oor te plaas waar hulle tot en met st. VII moet bly en waar hulle aanvanklik beter onderrig word in die instrumentele vakke. Dit sou dan die skoollewe, in die groot dorpe en stede altans, in vier gelyke tydperke verdeel: 3 jaar in die juniorskool, 3 jaar in die laerskool, 3 jaar in die junior hoërskool en 3 jaar in die hoërskool. 'n Moeilikheid, wat egter nie onoorkomelik hoef te wees nie, sal ontstaan omdat die volksonderwys tot by st. VIII gaan en die junior hoërskole dan reeds by st. VII afsluit. Miskien kan die saak opgelos word deur by die junior hoërskool 'n st. VIII-klas te hou slegs vir diegene wat daarna die skool wil verlaat, terwyl daar ook by die hoërskool 'n st. VIII-klas is vir diegene wat tot by st. X wil gaan.

Om die oorgang tussen die laer- en die middelbare skool te vergemaklik, is in Amerika junior hoërskole in

---

1) Tydskrif vir Middelbare Onderwys, September 1939, bl. 27 e.v. en November 1939. bl. 6.

die lewe geroep waarheen alle leerlinge eers moet gaan om hulleself te „vind." Alle moontlike fasiliteite word daar tot hulle beskikking gestel om die keuse van 'n loopbaan te vergemaklik, en daarna volg elkeen dan in die hoërskool die rigting wat deur sy aanleg en neigings geopenbaar is. Die Transvaalse junior hoërskole dien ongelukkig nie daardie doel nie.

Die oorgang tussen middelbare skole en universiteite kan op dieselfde wyse vergemaklik word deur die instelling van junior kolleges waarheen slegs aspirant-universiteitstudente gaan en die eindeksamen waarvan desverkiesend deur die universiteite beheer word soos tans die geval is met die M.S.S.E. Dit sou die hoërskole dan ipso facto vrystel van die huidige M.S.S.E.

(v) Die Werk in die Skole.

Die peil van die werk in die skole het vanaf die eerste inspeksieverslae deurgaans groot verskille geopenbaar van skool tot skool. In die talle eenmanskole waar soms 'n onervare en ongekwalifiseerde onderwyser voor 'n hele aantal klasse gestaan het, kon die peil immers nie dieselfde wees as in groter skole met beter onderlegde onderwysers nie. Hierby moet steeds in gedagte gehou word dat die oordeel van die inspekteur subjektief is, en wat die een sal goedkeur, sal 'n ander miskien streng afkeur. Sulke gevalle is in die verhandeling aangetoon.[1)]

'n Ander faktor wat die peil van die werk nadelig beïnvloed het, was die feit dat die meeste leerlinge die skoolwerk moes doen deur middel van 'n vreemde taal, eers Engels, daarna Hollands. Sedert die invoering van Afrikaans as voertaal in ongeveer 1914 en as vak vanaf ongeveer 1918 is goeie vordering deur die inspekteurs gemeld, veral t.o.v. taalonderrig.

Taalkennis en taalgebruik was in die verlede byna deurgaans swak as 'n gevolg van die gebrek aan mondelinge werk. Die oordeel oor skoolwerk het gewoonlik berus op

---

1) Kyk bl. 253 supra.

skriftelike eksamens, en daarom is die leerlinge in skriftelike werk geoefen, terwyl die onderwysers vergeet het dat goeie mondelinge werk ook die skriftelike sou verbeter. Die inspeksieverslae lewer oorvloedig bewys van die verwaarlosing van mondelinge oefeninge. Dit is tans nog die groot gebrek in baie skole, m.i. om die volgende rede: die hoof beoordeel die klaswerk tot op groot hoogte op grond van die leerlinge se skrifte, en die meeste hoofde meen dat, às daar nie 'n sekere hoeveelheid skriftelike werk in 'n kwartaal gedoen is nie, die klasonderwyser sy tyd verspil en sy plig versuim het. Veral i.v.m. die tweede taal is dit 'n groot fout. As leerlinge, nadat hulle die laerskool verlaat, hulle gedagtes in eenvoudige, korrekte taal kan uitdruk, is dit voldoende; en as hulle dit mondeling korrek kan doen, dan sal die skriftelike ook reg gedoen word, mits hulle kan spel en punktueer.

Twee sake wat die peil van skoolwerk sedert ongeveer 1920 gunstig geaffekteer het, is die vermindering van die leerplanne en die beter gekwalifiseerde onderwysers. Daarteenoor moet egter die feit gestel word dat die invoering van 'n groter verskeidenheid aktiwiteite en 'n ruimer opvoeding weer daartoe bygedra het om die leerlinge oor die algemeen minder noukeurig te maak. Verskeie skrywers het die aandag hierop gevestig, bv. G.H. Thomson asook P.B. Ballard in „The Changing School." Laasgenoemde vind daar egter geen fout mee nie, maar beweer dat die werk tans nie te onnoukeurig is nie: vroeër was dit te noukeurig, te veel tyd is aan meganiese oefeninge bestee wat los van die lewe gestaan het.

Die gees in die skole het 'n vernuwing ondergaan. Hoewel vryheid en aktiwiteit nog meer 'n teoretiese as 'n praktiese beginsel in die oorgrote meerderheid van die Transvaalse skole is, het hierdie leuses van die moderne opvoeding tog 'n groot invloed op die werkwyse in die skole uitgeoefen. Die onderwyser is in 'n groter mate die

vriend en raadgewer van sy leerlinge as vroeër.

Waar gedurende die eerste twintig jaar of meer die enigste middels van onderwys die boek en die pen was, is sedert ongeveer 1920 geleidelik ander leermiddels ingevoer soos garing en wol, graaf en hark, verf en kwas, saag en skaaf, radio en projektor. Die mure van die klaskamer word versier. Sang en volkspele neem 'n belangrike plek in. Gedurende skoolure word uitstappies gereël en die swembad besoek. Buiteskoolse aktiwiteite ontvang baie tyd en aandag. Haas geen skool is daar nie of hy besit 'n biblioteek.

In hierdie verband moet terugverwys word na hoofstuk IV paragraaf (d) (iv) waar die klagtes van die inspekteurs gedurende die vroeë twintigerjare oor hierdie sake beskryf is. Daar is gekla oor gebrek aan aansluiting by die lewe, gebrek aan praktiese werk in verband met natuurstudie en landbou, gebrek aan boekerye, e.d.m. Daardie klagtes toon juis dat daar toe ook vir die eerste keer by baie inspekteurs 'n ontwaking tot die nuwe toestande gekom het; en die ontwaking het vrugte gedra, hoewel veel meer nog oorbly om gedoen te word.

(vi) <u>Statistieke</u>.

Om die materiële vordering te besef, moet daar gelet word op die syfers i.v.m. die inskrywing, die aantal onderwysers en die persentasie onderwysers wat gesertifiseerd was gedurende die verskillende jare van die tydperk onder behandeling.

Die verbetering in die kwalifikasies van die onderwysers word op bl. 381 aangetoon. Die ander gegewens word hieronder grafies voorgestel. (Kyk Fig. I op volgende bls.)

(b) <u>Die Taalvraagstuk</u>.

In die instruksies i.v.m. die oprigting van kampskole het Sargant neergelê dat die voertaal deurgaans Engels moes wees. Kinders is bevorder volgens hulle





**Fig. I.**

Aantal laerskoolleerlinge (Blankes) in die Transvaal. 1905 - 1940.





Fig. II.

Aantal Onderwysers (Alle Blanke Skole) in die Transvaal. 1905 - 1940.

kennis van Engels. Volgens ord. no. 7 van 1903 kon Hollands as vak 3 uur per week onderrig word indien die ouers daarom gevra het. Godsdiensonderrig kon 2 uur per week in Hollands onderwys word. Vir die orige was die voertaal deurgaans Engels.

Onder gunstiger omstandighede in die Republiek was die Engelse uitlanders nie tevrede nie en het 'n „Council of Education" gestig wat hulle eie skole opgerig het. Dit is derhalwe nie bevreemdend nie dat die landsburgers onder ongunstiger omstandighede ook daartoe oorgegaan het om hulle eie skole, die C.N.O.-skole, te stig waar die voertaal Hollands was. Waar die Republikeinse regering nog die „Besluitscholen" waarin die medium nie Hollands was nie, onder sekere voorwaardes gesubsidieër het, is sodanige tegemoetkoming nie aan die C.N.O.-skole verstrek nie.

Die onderwyswet van 1907 was t.o.v. die taalkwessie 'n ferme sprong in die regte rigting, maar het nog nie die ideaal van die Hollandse Afrikaners verwesenlik nie. Volgens hierdie wet (art. 30-32) moes die moedertaal in die laer standerds, tot en met st. III, die voertaal wees. Waar Engels nie die moedertaal was nie, moes dit langsamerhand ingevoer word totdat st. III voltooi was, waarna dit dan as algemene voertaal gebruik moes word, behalwe dat godsdiensonderrig en nog twee vakke bokant st. III in Hollands onderwys kon word op versoek van 'n skoolraad. Kennis van voldoende Engels was 'n voorwaarde van oorplasing van die een st. na die volgende. Hollands moes slegs onderwys word as die ouers geen beswaar daarteen gehad het nie. Die bepalings van die wet is in sirkulêre no. 1 van 1908 verder uiteengesit, en 4 Hollandse inspekteurs is in 1908 aangestel, t.w. J.A. Dönges, W. Klooster, T.C. Stoffberg en H. Visscher, om toe te sien dat die bepalings van die wet nagekom is. Aanvanklik is daar baie gekla oor die nakoming van die wet, en het min skoolrade aansoek gedoen vir die twee vakke bokant st. III. Ook van

die kant van die V.V.O.O.Z.A. het daar baie besware ingekom teen die minderwaardige plek wat Hollands nog ingeneem het.

Na die totstandkoming van die Unie en die erkenning van gelyke taalregte, is die Rissik-ordonnansie in 1911 deur die Transvaalse Provinsiale Raad aangeneem en het dit op 1 Januarie 1912 van krag geword. Tot en met st. IV was die huistaal as voertaal verpligtend; daarna kon die ouer die voertaal kies. Die tweede taal was ook verpligtend as leervak maar die ouer kon vrystelling vra. Kinders kon dus dwarsdeur die skool gaan sonder om die tweede taal te leer.

Om uitvoering aan die ordonnansie te gee, is die ouers van skoolgaande kinders in 1912 gevra om 'n keuse te doen i.v.m. die voertaal. 159 skole met Hollands as medium is hierop geopen, 41 met Engels as medium en 437 met albei media vir standerds tot en met IV. Meteens het omtrent die helfte van die skoolbevolking regte verkry waarvan hulle tevore verstoke was. Geleidelik het die persentasie leerlinge wat Hollands en later Afrikaans as medium gebruik het, toegeneem, vanaf ongeveer 21% in 1911 tot ongeveer 58% in 1934 en tot meer as 63% in 1940.

Die bepaling van die Rissik-ordonnansie dat die huistaal die voertaal moes wees, het aanleiding gegee tot misbruik, want om verskillende redes het die ouers die verkeerde taal opgegee. Die departement het in 1930 regsadvies op hierdie punt ingewin wat daarop neergekom het dat die keuse nie by die ouers berus het nie maar wel by die skoolhoof of by die inspekteur. Slegs waar 'n kind albei tale ongeveer ewe goed kon gebruik, kon die ouer die voertaal kies. Hierdie opvatting van die wet is in 1934 deur die Provinsiale Raad bekragtig en beliggaam in die Onderwyswet (Taal) Wysigingsordonnansie.

Volgens die Rissik-ordonnansie moes die huistaal die voertaal wees. Waar Afrikaans tuis gebesig is, was die regte prosedure dus om Afrikaans, en nie Hollands nie, as

voertaal te gebruik. Aanvanklik is dit nie gedaan nie waarskynlik as gevolg van 'n misverstand en ook omdat Afrikaans as taal nog in sy wordingstadium verkeer het. Gedurende 1914 het die Provinsiale Rade van die Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapprovinsie besluit om Afrikaans as voertaal toe te laat. In die begin was daar verskil van mening onder onderwysers en ook onder inspekteurs oor die wenslikheid van so 'n stap, maar geleidelik is alle besware oorwin en reeds teen 1918 kon byna alle inspekteurs meld dat Afrikaans in verreweg die meeste skole die voertaal was, veral in die buiteskole.

As leervak is Afrikaans geleidelik ingevoer. In 1917 is met st. I begin en elke volgende jaar is 'n standerd bygevoeg, totdat die hele laerskool teen ongeveer 1922 Afrikaans geleer het en Hollands van die toneel verdwyn het. Die gebrek aan Afrikaanse boeke in die begin het stremmend gewerk, maar in hierdie behoefte is spoedig voorsien sodat daar teen 1930 geen klagtes meer was in hierdie verband nie.

(e) Inspekteurs en hulle Werk.

(1) Inspekteurs.

Gelyktydig met die oprigting van die kampskole het Sargant organiserende inspekteurs aangestel vir die verskillende groepe skole. Toe die kampskole na die beëindiging van die oorlog gesluit is en die Boere na hulle plase gerepatrieër is, is daar skole dwarsdeur die land opgerig en die organiserende inspekteurs is, wat die Transvaal betref, in diens gehou om met die oprigting van die skole behulpsaam te wees. In November 1902 was daar 12 inspekteurs in diens van die departement, almal Engelssprekend.

Aangesien die inspekteurs al die organisasiewerk i.v.m. die oprigting van skole, verskaffing van onderwysers, e.d.m. moes doen wat vanaf 1906 deur die skoolrade gedoen is, het hulle nie veel tyd vir inspeksie gehad nie. Om hulle behulpsaam te wees in hulle veelvuldige werksaamhede

is daar in 1903 onder-inspekteurs aangestel. Dit was gewoonlik die hoof van die vernaamste skool in die inspekteurskring. Vir hierdie poste is talle jong manne uit Engeland gestuur. Om verskillende redes wou hierdie reëling nie werk nie en reeds in 1905 is die stelsel deur Warre Cornish, destyds waarnemende direkteur, afgeskaf.

Telkens is nuwe inspekteurs aangestel as gevolg van die uitbreiding van die onderwysstelsel of om oues te vervang. Etlike van die wat in 1902 in diens was, het die tuig eers in die twintigerjare neergelê.

In 1908 is daar vier Hollandse inspekteurs aangestel en in dieselfde jaar is daar ook die eerste twee distriksinspekteurs met Afrikaanse name aangestel. In Junie 1910 was daar 17 inspekteurs werksaam in twaalf kringe. In 1913 is die eerste mediese inspekteur van skole, dr. C.L. Leipoldt, in diens geneem.

Vanaf 1913 is 'n reëling in werking gestel waarvolgens inspekteurs in die reël elke vyf jaar van kringe sou verwissel behalwe waar dit in die belang van 'n kring was om die inspekteur daar te laat bly. Sommige kringe was makliker om te bearbei as ander en die klimaat was verskillend sodat dit gevoel is dat omruiling noodsaaklik was. In 1913 is die inspekteurs dan oorgeplaas, en weer soos tevore, dat 'n inspekteur wat bevoegd was in Hollands en een wat nie daarin bevoegd was nie, bure geword het, sodat onderlinge hulp verleen kon word.

Vanaf 1913 het reis per motor die plek begin inneem van reis per perde of muile, en dit het meer tyd gelaat om skole te inspekteer. In 1913 was daar gemiddeld 52 skole en 4000 leerlinge per inspekteur.

Vanaf 1914 tot 1918 het verskeie inspekteurs op aktiewe diens gegaan. Clarke en Horne moes hoofde wat op aktiewe diens was, vervang. Daar was dus 'n sekere mate van ontwrigting gedurende hierdie jare.

In 1919 het die direkteur gekla dat dit moeilik gegaan

het om inspekteurs te kry omdat die salarisse aan die poste verbonde, ontoereikend was. In 1920 het die Publieke Dienskommissie die salarisskaal verhoog en die direkteur het die hoop uitgespreek dat die beste onderwysers vir die pos van inspekteur te vind sou wees.

In 1920 was daar 17 inspekteurs in diens, net soos 7 jaar tevore, met gemiddeld 6,292 leerlinge per inspekteur. Toe daar in 1920 spesiale inspekteurs vir naturelleskole aangestel is en die distriksinspekteurs van hierdie skole wat hulle sedert 1906 saam met blanke skole behartig het, verlos is, is hulle werk aansienlik verminder. In 1926 was daar 20 distriksinspekteurs in diens met gemiddeld 5,751 leerlinge per inspekteur. In 1926 het die laaste inspekteur van die oorspronklike twaalftal, C.H. Acheson, uit die diens getree.

In 1925 is C.J. Blom benoem as inspekteur van landbouonderwys, 'n aanduiding van die belang wat gedurende hierdie tyd in die soort werk gestel is. Landbouonderwys is ingestel om by die plattelandse kinders liefde vir landbou aan te kweek, om die skool in kontak met die alledaagse lewe te bring en om projekte aan te moedig. Die Voorspoedsbond (wat hoenderboerdery e.d.m. aangemoedig het) en die Mieliebouwedstryde is voorbeelde van werk wat hieruit voortgevloei het. Vanaf 1932 het hierdie pos opgehou om te bestaan en is Blom na 'n kring oorgeplaas nadat hy eers 'n jaar op die hoofkantoor werksaam was.

In 1935 is 'n pos vir inspektrise geskep wat in 1937 gevul is deur die aanstelling van mej. H.E. Cuffe. Sy kan egter nie as die eerste inspektrise van die departement beskou word nie, aangesien daar reeds in 1902 van twee inspektrises melding gemaak is,[1] terwyl mej. A.M.H. du Boulay in 1906 as onder-inspektrise aangestel is.[2]

---

1) Sekretaris van Transvaal Adm. Korrespondensieleêer [illegible] 2186/1902.
2) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 14.

In 1940 het die aantal inspekteurs 24 beloop vir 153,937 leerlinge, d.w.s. gemiddeld 6,414 per inspekteur. Die aantal inspekteurs het dus nie tred gehou met die uitbreiding van die stelsel nie, maar aangesien die werk van die inspekteurs 'n ander aard aangeneem het, veral sedert ongeveer 1925, en die onderwysers beter gekwalifiseerd was, kon hierdie toestand gedoog word.

(ii) Die Werk van die Inspekteurs.

Vanaf 1901 moes die inspekteurs toesig hou oor die kampskole, kinders bevorder en oor die onderwysers se werk rapporte lewer. Vanaf 1902 moes hulle, benewens inspeksiewerk, die oprigting van nuwe skole oorweeg en behartig, sorg vir onderwysers vir die skole en die ouers van die skole een keer per kwartaal ontmoet. Ook beursreëlings is in hulle hande gelaat.

Sedert die instelling van skoolrade in 1906 is die werk van die inspekteurs veral beperk tot die werk wat daar in die skole gedoen is.

In 1903 het Sargant bepaal dat die bevordering van leerlinge in die hande van die hoofde gelaat moes word omdat hy in Engeland daarvan oortuig geraak het dat die stelsel van indiwiduele eksaminering van leerlinge deur inspekteurs die skoolwerk werktuiglik gemaak het. Waar indiwiduele inspeksie in Engeland reeds in 1895 afgeskaf is, wou Sargant nie sien dat so 'n verouderde stelsel hier ingevoer word nie. Hy het egter nie met die verskille in onderwysers rekening gehou nie. In die Transvaal was daar in 1903 in verhouding baie minder gekwalifiseerde onderwysers as in Engeland, en daardeur kon dieselfde verantwoordelikheid nog nie aan hulle toevertrou word nie. Die inspekteurs sou dit wel spoedig ontdek het as die klassifikasie nie in orde was nie, en dit is hoogswaarskynlik hieraan te wyte dat Sargant se verligte regulasies nie uitgevoer is nie, want reeds in 1905 is daar nuwe regulasies uitgereik wat opnuut die indiwiduele eksamens deur inspekteurs opgehef

het, en die oorplasing aan die hoofde oorgelaat het. Elke skool moes twee keer per jaar formeel geïnspekteer word om o.a. toe te sien dat die organisasie in orde was.

Ook die regulasies van 1905 is in die meeste gevalle verontagsaam wat die oorplasing van leerlinge betref. Volgens onderwysers van die Ou Garde my meegedeel het, het die inspekteurs tog in sommige skole die oorplasing in die hande van die hoofde gelaat, maar dit was die uitsondering. Hoofdelike eksaminering deur die inspekteur het die reël geword, en Adamson, hoewel hy veral sedert 1912 telkens in sy jaarverslae daarteen te velde getrek het, het daar geen einde aan kon maak nie. Die ouers wou dit so hê, en die onderwysers het met graagte die verantwoordelikheid aan ander oorgelaat.

In 1920 het Kerrich melding gemaak[1] van die sirkulêre „soveel jaar gelede gedateer dat dit nou al in vergetelheid verlore is," wat hulle die reg gegee het om te kies tussen die twee weë.

> „Sowat vyftien of sestien jaar gelede het etlike van ons wel 'n poging gemaak om klasinspeksie in te voer i.p.v. hoofdelike eksaminering, maar dit is van uit vele kante nie goed ontvang nie. ...... sprekende vir myself alleen, het ek gevind dat die tyd vir die verandering nog nie daar was nie ......"

Vanaf 1914 het die inspekteurs in steeds toenemende mate dit as hulle mening uitgespreek dat die tyd vir 'n verandering aangebreek het. Aanhalings wat in hoofstuk III weergegee is, getuig van hierdie sienswyse. Nogtans het niemand die voortou geneem nie, en moes uitwendige omstandighede soos die oorlog en die griepepidemie van 1918 die deurslag gee. Deur die gedeeltelike ontwrigting wat hierdeur veroorsaak is, kon alle skole nie besoek word nie en is die oorplasing in sommige skole noodgedwonge in die hande van die onderwysers gelaat.

Die tyd vir die verandering was ryp, en soos 'n veldbrand het die stelsel van gelyktydige oorplasing deur die

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 148.

Transvaal getrek. Na ongeveer vyf jaar was dit 'n voldonge feit. Die grootste seggenskap het nog in die hande van die inspekteurs berus maar hulle werk is op hierdie wyse tienvoudig verminder, sodat hulle by hulle inspeksiebesoeke meer aandag kon wy aan die doeltreffendheid van die skool as 'n geheel en die rol van raadgewers kon vul.

Vanaf 1927 het sommige inspekteurs daartoe oorgegaan om hulle geheel en al te onttrek van die oorplasing van leerlinge en dit in die hande van die hoofde gelaat. Spoedig was ook dit 'n algemene reël en het die laerskool in hierdie opsig vry geword van eksterne inmenging.

Sedertdien kon die inspekteurs in 'n groter mate hulle daarop toelê om die gehalte van die werk in die skole te verbeter, en hulle kon meer in aanraking kom met die publiek om op hoogte te kom met die publieke mening en dit aan die departement te vertolk.

Vanaf 1935 is die stelsel van inspeksieverslae gewysig. Sedert daardie jaar moes die hoofde van skole jaarliks 'n verslag oor die hele skool, insluitende 'n verslag oor die werk van elke indiwiduele onderwyser(es), aan die inspekteur voorlê. By sy inspeksiebesoek het die inspekteur dan oor die skool as 'n geheel gerapporteer. Sodoende is 'n groter verantwoordelikheid op die skouers van die hoofde geplaas. Aanvanklik was daar teenkanting van die kant van sommige onderwysers, veral assistente, maar die inspekteurs het dadelik die reëling 'n goeie gevind, en tans het almal hulle daarby neergelê en die stelsel skyn uitstekend te werk. Hierdie stap het die outonomie van die laerskole 'n aansienlike stap verder gevoer, en hulle 'n groter mate van vryheid van inmenging van buite besorg.

In 1935 is die st. VI-eksamen afgeskaf en 'n beurseksamen ingestel slegs vir daardie leerlinge wat beurse vir die hoërskool verlang het. Sodoende is ongeveer 75% van die laerskoolleerlinge van die departementele eksamen vrygestel, maar die st. VI-eksamen, ook vir die 75% is

gewoonlik nog deur die inspekteur gereël en beheer. Sedert 1942 is alle eksterne eksamens in die laerskool afgeskaf, en daarmee het die laerskool sy algehele vryheid verkry, heeltemal ooreenkomstig die moderne insigte. Die skool as 'n selfstandige eenheid is tot 'n groot mate vry om 'n eie rigting in te slaan ooreenkomstig leerplanne wat in breë lyne neergelê is en inspekteurs is gewoonlik bereid om proefnemings in sekere rigtings goed te keur en self belangstellend waar te neem. Omdat daar geen eindeksamen van buite is nie, is daar geen bande wat afwykings hoef te belemmer nie. Die eksamens het aan die inspekteurs baie werk besorg, en waar hulle tans daarvan ontslae is, is daar nog meer tyd en geleentheid vir opbouende werk. Welke opbouende werk onderneem kan word buite wat elke inspekteur tans doen, is in die inleidende hoofstuk aangetoon, waarheen die leser verwys word.

Die funksie en houding van die inspekteur t.o.v. die nuwe onderwys sit Petersen as volg uiteen[1]:

> „Die inspekteur wat die nuwe opvoeding met hom bring, sal hom nie so seer as die handlanger van die owerheid voel nie en so danig oor sy outoriteit besorg wees nie - wat hy met alle geweld moet verseker deur die handhawing van elke jota en tittel van die departementele regulasies en die vervolging van almal wat hul aan pligversuim skuldig maak. Maar hy sal hom in eerste instansie geroepe voel om raad te gee as diegene wie se vernaamste plig dit is om in alle opvoedkundige strominge, teoreties sowel as prakties, die voortou te vat tot 'n lewende voorbeeld en spoorslag vorentoe: vir die jonger kollegas 'n baanbreker en vir die oueres steeds die ryper kameraad van wie elkeen graag leer en tot wie hy sy toevlug neem as 'n bron van lewende, persoonlike kennis."

Op die gradering van onderwysers deur die inspekteurs moet nog gewys word. Elke onderwyser(es), ook elke hoof, is deur sy inspekteur gegradeer A, B, C of D. Die gradering is egter 'n groot geheim en niemand weet waar hy staan nie behalwe as hy in groep D geplaas is, wanneer hy in kennis gestel word dat sy werk onbevredigend is, en gewaarsku word dat sy werk moet verbeter. Soms kan 'n

---

1) Petersen, Peter: Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging, bl. 188.

onderwyser uit sekere voorvalle aflei waar hy waarskynlik geplaas is, maar sekerheid kan hy nie verkry nie. Die gradering is een van die vernaamste oorwegings, so nie die vernaamste nie, by bevorderings. Hoewel dit op subjektiewe oordeel gebaseer is, kan 'n onderwyser, hoe veronreg hy ookal voel, nie in hoër beroep daarteen gaan nie. Vertoë van die kant van die onderwysersverengings hierteen het geen vrugte afgewerp nie. Baie onderwysers beskou die prosedure, en veral die geheimhouding, as uiters onbevredigend, maar dit bly voortbestaan.

(d) Eksterne Eksamens.

Die indiwiduele eksaminering van leerlinge, eers deur die hoofde en later deur die inspekteurs en tans deur die onderwysers na eie goedvinde, vir oorplasing van die een st. in 'n skool na die volgende, is in die vorige paragraaf uiteengesit. Dit het egter nie vir die eindeksamen van die laerskool of vir die toelatingseksamen tot die middelbare skool gegeld nie. Daarvoor is daar na die eerste jare openbare eksamens deur die departement afgeneem, en gewoonlik sertifikate uitgereik.

Die eerste regulasies t.o.v. eksamens, op die uitslag waarvan sertifikate uitgereik sou word, was die van 1905[1)], waarvolgens die hoof aan die inspekteur by laasgenoemde se besoek, 'n lys name moes voorlê van leerlinge wat hy bevoegd geag het om st. drie of hoër deur te kom. Sy oordeel moes gegrond wees op, en vergesel wees van die punte deur die leerlinge behaal in kwartaaleksamens. Diegene wat deur die inspekteur as bevoegd verklaar is, het dan sertifikate van bevoegdheid van die direkteur ontvang vir st. drie of hoër.

In 1909 is nuwe regulasies i.v.m. laerskole bekend gemaak.[2)] Hierdie skole sou in die vervolg gaan tot st. VII. Skooleindsertifikate sou aan st. VI- sowel as st. VII-leerlinge uitgereik word indien hulle in die onderskeie

1) Jaarverslag T.O.D. 1905, bl. 46, Bylaag H.
2) St. Kt. 19/3/'09, bl. 634, goewerments-kennisgewing no. 309.

eksamens geslaag het, en indien die inspekteur, op grond van die skoolverslag van die leerling of van sy eie ondersoek of van albei, sulks aanbeveel het. Die eksamens was gedeeltelik skriftelik en gedeeltelik mondeling. Die skriftelike vraestelle is deur 'n komitee van inspekteurs opgestel en die antwoorde deur die inspekteurs nagesien te Johannesburg. Die mondelinge eksamen is deur die indiwiduele inspekteurs tydens hulle besoeke aan skole afgeneem. Die eksamenvakke was die tradisionele, nl. Engels, Hollands, matesis, geskiedenis, aardrykskunde en natuurwetenskap. Om 'n sertifikaat te kry, moes 'n leerling in een van die twee tale slaag, sowel as in rekene en in geskiedenis of aardrykskunde. Die eksamen is aan die einde van 1909 vir die eerste keer afgeneem, en die uitslae was swak, omdat die onderwysers nog nie met die vereiste peil bekend was nie en die vrae moeilik was. In 1910 het 59% van die kandidate in st. VI geslaag en 68.5% in st. VII.

Benewens hierdie twee eksamens het Thompson in 1911 van nog twee eksamens melding gemaak,[1] t.w. aan die einde van st. IV vir arbeidsertifikate en aan die einde van st. V vir hoërskoolbeurse. Die laerskool was dus volgens hom oorvoer met openbare eksamens. Die Transvaal het inderdaad 'n land van eksamens geword. Terwyl Thompson 'n vermindering aanbeveel het, het Corbett in 1913[2] die eksterne eksamens aangeprys terwille van die dwang wat hulle, nie net in die hoogste klasse nie, maar reeds vanaf die substanderds uitgeoefen het. Corbett, verteenwoordigende die ou skool, het 'n geesgenoot gehad in 'n persoon wat sy naam T.T.H. geteken het in Engeland. Toe die groot meerderheid onderwysmanne die afskaffing van eksterne eksamens bepleit het en die Consultative Committee van die Board of Education dit aanbeveel het, het T.T.H. dit as sy mening uitgespreek[3]

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 99.
2) Ibid. 1913, bl. 92.
3) Journal of Education, Mei 1912, bl. 308 - 310.

dat die afskaffing alle wedywer tussen leerlinge en skole sou doodmaak, en dit was al wat kinders nog laat werk het. ".... and now the proposed abolition of this rivalry would leave the teacher helpless in the face of this indifference and this antipathy." Nodeloos om te sê, die redakteur van die Journaal of Education het nie hiermee saamgestem nie. Ook in Suid-Afrika was Corbett nie alleen in sy menings nie. Verskeie inspekteurs het met hom saamgestem tenspyte van, of miskien juis as gevolg van, die feit dat dit eksamendril en kennis-inpomping in die hand gewerk het, en die sweep van die drywer steeds aanwesig was.

Na 1914 is die st. VII-eksamen in die laerskool afgeskaf en het die st. VI-eksamen die eindeksamen geword. Die prosedure was nog dieselfde as voorheen: 'n komitee van inspekteurs het die vrae gestel en die antwoorde nagesien, terwyl die mondelinge toetse deur die distriksinspekteurs afgeneem is.

Die eksamen het min of meer onveranderd gebly tot na 1920. In 1920 is die eksamen op 'n inspekteurskonferensie bespreek[1)] en die feit beklemtoon dat die werk te omvangryk geword het. Adamson het die vraag geopper of die tyd vir die afskaffing van die eksamen nie aangebreek het nie. Weer was dit Corbett wat dit geopponeer het en toe nog die afskaffing van die st. VII-eksamen betreur het.[2)]

Deur 'n kommissie bestaande uit inspekteurs en onderwysers is in 1921 voorstelle ingedien wat uiteindelik in gewysigde vorm deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is.[3)] Geskiedenis en aardrykskunde is as eksamenvakke afgeskaf en het inspeksievakke geword. T.o.v. hierdie twee vakke het die onderwysers dus 'n mate van vryheid verkry, ongebonde deur eksterne eksamens, om hulle minder op eksamendril toe te lê en meer daarop om die kulturele aspekte van die vakke

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1920, bl. 16.
2) Ibid., bl. 142.
3) Ibid. 1921, bl. 31 - 32.

te ontwikkel: kulturele waardes wat volgens Hartog[1] nie deur eksamens getoets of aangemoedig kan word nie maar slegs daardeur vermoor word.

Die onderwysersverenigings was met hierdie tegemoetkoming t.o.v. twee vakke nog geensins tevrede nie en het aanhoudend geagiteer vir die afskaffing van die eksamen. Die afskaffing, of gedeeltelike afskaffing, het eers in 1935 gevolg, waarna die eksamen slegs nog van toepassing was op die leerlinge wat hoërskoolbeurse wou verwerf. Die meeste inspekteurs het egter nog die vraestelle gebruik om die ander leerlinge in hulle kringe te toets, sodat die eksamen in gewysigde, onoffisiële vorm bly voortbestaan het totdat dit eindelik in 1942 geheel van die toneel verdwyn het. Sedert 1927 is die antwoorde nie meer op een sentrale plek nagesien nie, maar het elke inspekteur, met behulp van onderwysers uit sy kring, die antwoorde van sy kring nagesien.

In 1923 is 'n ander openbare eksamen, nl. die Hoërskooltoelatingseksamen, in die gebiede Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom ingestel om te bepaal welke leerlinge voordeel uit 'n hoërskoolkursus sou trek. Die oorgang na hoërskole het in hierdie gebiede ná st. V plaasgevind. In 1926 is hierdie eksamen na plattelandse gebiede uitgebrei vir die leerlinge wat reeds na st. V na 'n hoërskool wou gaan. Omdat die plattelandse leerlinge egter oor die algemeen nie aan hierdie eksamen deelgeneem het nie, is dit in 1933 aldaar afgeskaf en later in Potchefstroom en Pretoria en slegs in Johannesburg behou. Vertoë van die onderwysersverenigings om die eksamen ook hier af te skaf, was vrugteloos, en dit het bly voortbestaan totdat dit in 1942 gelyktydig met die beurseksamen (st. VI) afgeskaf is.

Prof. Coetzee[2] betreur die feit dat die aantal praktiese onderwysmanne wat inderdaad nuwe weë inslaan, so

---

1) Journal of Education, Mei 1924, bl. 278.
2) Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl. 51.

klein is in Suid-Afrika. Die skole het egter baie kort gelede eers hulle volle vryheid erlang, ongebonde deur eksamens en inspeksie soos dit in die verlede die geval was, en baie min onderwysers besef nog die vryheid; nog minder verstaan dit. Die vrees vir afwykings, waaronder hulle solank gebuk gegaan het, sal lank neem om te verdwyn. Van die Suid-Afrikaanse onderwysers geld tans die uitspraak wat op die Engelse onderwysers 'n halfeeu gelede toegepas is[1]: „For 33 years the teachers had been treated as machines and they were suddenly asked to behave as intelligent beings." Tans berus dit by ondernemende inspekteurs en hoofde om onderwysers tot studie en die invoering van die nuwe metodes aan te moedig. Van die inspekteurs sê Petersen[2]: „dit is veral uiters jammer dat die skoolinspekteurs van vandag vrye kinders en hul prestasies nie ken nie en ook nooit sal leer ken nie, tensy hul besluit om almal weer meesters te word en 'n volle jaar lank gaan onderwys gee in die nuwe skole. En dit sou 'n volksbesluit wees, 'n progressiewe staat waardig, om nl. die laaste skoolinspekteur vir 'n jaar verlof te gee en as onderwysers na hierdie nuwe skole uit te stuur." Ons hoef nie hierdie uitlating te onderskryf nie, maar voel tog dat die inspekteurs meer kan doen om die nuwe onderwys aan te moedig en dat baie hoofde en assistente nog huiwerig is om as „intelligent beings" op te tree, en maar voortgaan om, in Petersen se woorde[3], die kinders soos stene in te voeg in die groot bouwerk wat die onderwyser argitektonies tot in die fynste besonderhede uitgewerk het, instede van daaraan te dink dat hulle steeds besig is, al is watter vak ook aan die beurt, om houdings, gesindhede, lewensbeskouings by die kind aan te kweek en daarom op hoogte moet bly met die modernste sienswyses en bevindings van die

---

1) Kyk bl.
2) Petersen, P.: Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging, bl. 175 en 188.
3) Ibid., bl. 28.

groot opvoedkundiges en filosowe wat nie noodwendig heelhuids aanvaar hoef te word nie, maar tog tot ernstige nadenke moet aanspoor. Hoe die onderwyser gedurig besig is om die kind geestelik te beïnvloed, en die noodsaaklikheid van die regte lewensbeskouing by onderwyser en inspekteur, is mooi uiteengesit deur Kilpatrick e.a. 1):

„The atomistic psychologic outlook criticized above seems to consider that we can teach arithmetic skills, for example, as if nothing else were going on at that time. Such an idea is false, tragically false. Children cannot learn simply arithmetic, they are also at the same time - always and of necessity - building significant attitudes and interests with reference to the subject, to the school, to themselves, to their fellows, to the teacher, to all the teacher stands for to them, to school government, to courtesy, to truthfulness. In short, the pupils are during each class-period building attitudes with reference to any and everything that enters significantly to them in whatever is then going on. Out of the attitudes grow interests and repulsions, and out of these in turn come life's decisions. It is a hard saying, but the teacher, so far as taking thought can affect results, is properly responsible for all these attendant attitudes just as truly as for the arithmetic - .......... Only as the teacher has brought order and clarity and integration into his own or her own grasp of life can we expect the children to profit by the teacher's leadership. To trust vital matters to chance is a cruelty to tender youth of which we cannot be guilty. The teacher must have a balanced and integrated outlook, so criticized to conscious consistency that intelligent direction can be given to inclusive child growth.

That the teacher of children has been used as an illustration does not mean that these demands are not equally binding upon supervisor and superintendent. All who have to do with youth - with human growing, in fact, at whatever age level and under whatever condition - are under the same correlative obligation. ...............

All techniques and procedures - whether of teaching and measuring or of supervising and administering - must then be learned, as they must be applied, in conscious subordination to the values affected by them ........ The building and use of a philosophy of education thus becomes the key aim in professional education."

(e) Toetse.

(i) Verstandstoetse:

Indiwiduele verstandstoetse, wysigings en aanpassings van die oorspronklike Binet-toetse, is reeds voor 1924 in Suid-Afrika gestandaardiseer en gebruik, maar daar hulle toepassing beperk is, moes uitgebreide verstandsmeting wag

1) Kilpatrick, W.H., e.a.: The Educational Frontier, bl. 260 - 262.

op die koms van die groeptoetse. Hierdie toetse is deur dr. J.C. Coetzee in 1924 vir die eerste keer in die Transvaal gestandaardiseer, hoewel die omvang van sy werk geen algemeen geldende norme kon lewer nie. In 1925 het prof. R.F.A. Hoernlé ook groeptoetse in 'n beperkte gebied toegepas. Dit was baanbrekerswerk en is spoedig opgevolg deur omvangryker navorsing, bv. die van die Carnegiekommissie i.s. die Armblankevraagstuk.

Groeptoetse word tans op groot skaal toegepas op skoolkinders dwarsdeur die Transvaal, veral deur die Beroepsvoorligters maar ook deur andere. Die intelligensiekwosiënt bied 'n waardevolle aanduiding veral van die akademiese werk waartoe 'n leerling in staat is, hoewel dit op sigself nie as voldoende beskou word om 'n leerling se skoolloopbaan te kan voorspel nie, omdat ander karaktereienskappe ook 'n rol speel. Hardwerkendheid kan bv. tot 'n mate vergoed vir 'n lae I.K. Terman het 'n korrelasie van ·725 gevind[1] tussen die verstandelike ouderdom en die skoolwerk van die eerste graad terwyl Mc.Call 'n korrelasie van ·78 in die sesde graad gevind het. Mc.Call sê verder (t.a.p.): „Terman, Dickson, Whipple, and others have shown that a pupil's mental age is an excellent index of the quality of work a pupil will be able to do." Maar óf hy dit werklik doen, is 'n ander saak, en daarom vereis die Transvaalse Onderwysdepartement sedert 1942, benewens die I.K. van 'n leerling, ook sy skoolprestasie, gebaseer op die oordeel van die onderwyser, wat op sy beurt nolens volens beïnvloed word deur emosionele en sosiale karaktertrekke van die kind.

Gsykte Toetse:

Ook hier het dr. Coetzee baanbrekerswerk in die Transvaal verrig deur middel van sy rekentoetse wat tans nog as standaard-toetse beskou word vanweë die noukeurige,

---

1) Mc.Call, Wm. A.: How to Measure in Education, bl. 21.

sistematiese samestelling daarvan. Ook toetse i.v.m. woordeskat, spelling, ens. is reeds opgestel en toegepas, maar baie weinig is nog in hierdie opsig gedoen in vergelyking met ander lande soos bv. Amerika.

Ook ander soort objektiewe metings in die onderwyswêreld is glad te skaars in Suid-Afrika (afgesien van eksamens wat gewoonlik nog nie die subjektiewe faktor kan kwytraak nie). En tog:

„Die toetsmetode is onontbeerlik vir die algemene onderwysvooruitgang: nie alleen die produkte moet getoets word nie, maar ook die metodes en die materiaal. Stelselmatige toetsing van sekere metodes van onderwys en van 'n gegewe leerplan of onderdeel daarvan bly die voortdurende sorg van die onderwysowerhede."1)

Hier kan die inspekteurs die voortou neem en eksperimente loods, bygestaan deur entoesiastiese hoofde, terwyl die ander skole as kontrole dien. Veel nuttigs behoort so vasgestel te kan word, wat tot voordeel van die hele kring, ja van die hele land, sal strek.

5. INTERMEDIÊRE ONDERWYS.

(a) Intermediêre Skole is in 1923 vir die eerste keer in die Transvaal in die lewe geroep op die Rand en in Pretoria2). Die skole was bedoel vir die leerlinge wat nie tot matrikulasie wou leer nie maar tog iets meer as die laerskoolkursus verlang het, en sou tot by st. VIII onderwys gee.

Die skole sou drie spesiale kenmerke hê: (i) die aantal vakke en elkeen se leerstof sou beperk word; (ii) soveel van die werk as moontlik sou van 'n praktiese aard wees; (iii) 'n spesiale poging sou aangewend word om inisiatief en selfvertroue te ontwikkel deur die Daltonstelsel in te voer. Groepaktiwiteite soos spele, verenigings, ens. moes ingevoer word om die gemeenskapsgevoel te ontwikkel. Die plan was om 'n behoorlike proef te neem met die idees van hervormers soos Dewey en Kerschensteiner.

---

1) Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl. 64.
2) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. 14 - 15.

Die oprigting van hierdie skole was werklik 'n prysenswaardige poging van die kant van die onderwysowerhede en toon nogmaals die verligtheid van die filosoof, Adamson, se insigte. Ook op die platteland is vier jaar later sulke skole opgerig, wat hulle by die plattelandse omgewing moes aanpas en waarin landbou-onderwys 'n vername plek sou inneem.

Ongelukkig is daar enkele foute begaan, en ook was die publiek nie vir hierdie beginsels opgevoed en vatbaar nie, sodat die Uitvoerende Komitee reeds in 1927 besluit het[1] om nie meer intermediêre skole te stig nie. Onder die vernaamste oorsake van die mislukking van die stelsel was: (i) Die skole was onder dieselfde dak en onder dieselfde hoof as laerskole en is dus deur die publiek as uitgebreide laerskole beskou. (ii) Meestal het slegs die leerlinge wat op werk gewag het, die skole besoek, en dit dan verlaat sodra hulle werk gevind het, sodat daar 'n te groot mate van verwisseling was. (iii) Die kursus is aanvanklik nie met 'n offisiële sertifikaat bekroon nie, wat die waarde daarvan verminder het. Toe die st. VIII Intermediêre sertifikaat ingestel is en dit deur die Staatsdienskommissie erken is, het daar 'n mate van groei plaasgevind in die stede. (iv) Die leerlinge wat die intermediêre kursus deurloop het en daarna die hoërskool wou besoek, het moeilikheid ondervind met die hoërskoolwerk en moes dikwels 'n jaar langer op skool bly. (v) Die publiek het geen vertroue in die soort skool en in die gehalte van sy leerplanne en prestasies gehad nie.

Na die aanvanklike terugslag het daar vanaf 1933, toe verhoogde leerplig ingestel is, groot uitbreiding plaasgevind. Aan 'n hele aantal skole is st. VII en st. VIII-klasse opgerig, en met die snelle vordering van die sentralisasiebeleid van die departement en die instelling van

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1927, bl. 75.

motorvervoer, kon steeds meer en meer leerlinge die klasse bywoon. Die st. VII- en VIII-klasse het steeds aan laerskole verbind gebly en dit was die vernaamste rede waarom hulle vir die tweede keer as 'n mislukking beskou is want in 1938 het die direkteur gemeld[1] dat die neiging om by laerskole sulke klasse te stig reeds gedurende die vorige paar jaar die hoof gebied is. Daar bestaan tans nog 'n aantal intermediêre skole, maar die beleid van die departement is om nie meer sulke skole in die lewe te roep nie, maar liewer junior hoërskole, afgeskei van die laerskool.

(b) <u>Junior Hoërskole</u>. Die eerste junior hoërskool is in 1937 in Johannesburg geopen. In 1938 was daar reeds 9 junior hoërskole. Die doel van hierdie skole was,[2] en is tans nog, om 'n breë kulturele opleiding te verskaf, 'n deeglike karakter en 'n gesonde liggaam te ontwikkel, belangstelling te wek vir en vaardigheid te verskaf in verskillende kunste en vaardighede wat in die later lewe van die leerlinge as die sieraad en die afwisseling van hulle ledige ure kon dien. Die doel is breed opgestel met die bedoeling om, na 'n tydperk wat as proefneming sou dien, die doel beter te omskryf. Dit is tans egter nog in die proefstadium.

Die doelstelling is opvoedkundig gesond en beantwoord aan die modernste opvattings i.v.m. onderwys. Die skole voorsien in 'n groot behoefte, en omdat hulle selfstandige eenhede is wat leerlinge in die vroeë adolessensie-tydperk bevat, is daar die geleentheid om 'n eie rigting in te slaan en 'n tradisie daar te stel wat al die nuutste sienswyses en metodes op suiwer moderne wyse interpreteer en toepas, 'n fondament waarop met verloop van tyd 'n hegte stelsel opgebou kan word.

Die grootste struikelblok in die weg van hierdie ontwikkeling is die bestaan van 'n eksterne eksamen aan die

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1938, bl. 16.
2) Ibid., bl. 15.

einde van die kursus, waaraan alle st. VIII-leerlinge moet deelneem. Geen dergelike ontwikkeling kan verwag word alvorens die skole van eksterne eksamens bevry word en 'n eie rigting kan inslaan nie. Tot tyd en wyl dit gebeur, sal hulle maar bly wat hulle naam aandui: „junior hoërskole." In September 1944 is deur die departement die algehele afskaffing of die hersiening van die eksamen in die vooruitsig gestel. Dit sal die skole in die geleentheid stel om hulle ideaal uit te leef.

Om vir die indiwiduele verskille van leerlinge voorsiening te maak, moet daar 'n groot verskeidenheid van vakke aangebied word, en om dit moontlik te maak, moet daar groot junior hoërskole tot stand gebring word. Soos in 'n vorige paragraaf reeds gesê, is dit my mening dat alle leerlinge die junior hoërskool behoort te besoek, alvorens 'n rigting te kies in die hoërskool. Dit stel die keuse van spesialisering tot op 'n later leeftyd uit en behoort mislukkings tot 'n sekere mate te verminder.

(c) Skoolplase is die plattelandse ekwivalente van die junior hoërskole. Op inisiatief van wyle S.P. Bekker, voormalige administrateur van die Transvaal, is die eerste skoolplase in 1935 tot stand gebring om beter fasiliteite vir die plattelandse kind te verskaf. Die skoolplaas verskil van 'n st. VIII-skool op die platteland nie alleen t.o.v. die ruimer fasiliteite wat dit aanbied soos huishoudkunde, houtwerk, etaal en boerdery nie, maar veral t.o.v. die atmosfeer van werklikheid waarin die leerlinge werk en leef. Die beginsels van Dewey e.a. moderne filosowe, o.w. Sir John Adamson, skrywer van „The Individual and the Environment," wat reeds in 1912 die skoolplaas-idee geopper het, ook gereken moet word, is hier in die praktyk toegepas. Adamson wat vier van die plase in 1937 besoek het, het dan ook die indruk gekry dat 'n skoolplaas eerder 'n kolonie, 'n korporasie of 'n gemeenskap was as 'n skool; eerder 'n deel van die lewe self as

van onderrig of geleerdheid. Die leerling doen sy kennis op deur deel te neem aan die daaglikse werk op die plaas. Die nadruk val op praktyk liewer as op teorie. Die skoolvakke staan meestal in verband met die praktiese werk. Die hoofde besit 'n groot mate van vryheid in die opstel van leerplanne wat by hulle toestande (klimaats- e.a.) aanpas.

In 1935 was daar vyf skoolplase in die Transvaal, in 1936 ses; in 1938 het die direkteur van twaalf melding gemaak[1] en in 1940 van nege.

Die skole is ongehinderd deur eksterne eksamens, maar word besoek deur inspekteurs wat die departement in noue voeling met ontwikkelings hou.

4. MIDDELBARE ONDERWYS.

(a) Gedurende die eerste helfte van die tydperk onder behandeling was daar twee soorte skole in die Transvaal wat middelbare onderwys verskaf het, nl. (i) laerskole met middelbare afdelings en (ii) hoërskole, waarvan sommige 'n voorbereidende afdeling gehad het. Met verloop van tyd het die meeste van die eersgenoemde skole in hoërskole ontwikkel terwyl die ander tot intermediêre skole geword het wat tot st. VIII gegaan het. Dit is nodig om nader op die werk van die twee soorte skole te let.

(i) Skole met Middelbare Afdelings. Aan die einde van 1903 was daar 14 sulke skole in die Transvaal. Hulle was onder beheer van kommissies wat vir geboue moes sorg en die nodige geld moes vind. Aan hierdie skole het die departement 'n toelaag van £6 per jaar per sekondêre leerling betaal.

In 1904 het die inspeksiekomitee dit as sy bevinding geboekstaaf dat die standaard baie laag was en dat die skole slegs middelbare skole in naam was. Die werk het gedurende die volgende jare nie juis veel verbeter nie

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1938, bl. 13 - 15.

aangesien Clarke in 1912 nog gemeld het dat die peil deurgaans heelwat laer was as in die hoërskole nieteenstaande die feit dat die leerlinge gemiddeld ouer was.

Daar was veral twee belemmerende faktore: die aantal leerlinge in die hoër klasse was gewoonlik klein - sommige skole het slegs een of twee leerlinge in klas V gehad. In 1914 was daar slegs 5 uit die 21 wat meer as 5 leerlinge in die hoogste klas gehad het. As 'n gevolg van die geringe aantal leerlinge in die Middelbare afdeling, kon daar nie spesialiteite vir die verskillende vakke aangestel word soos in die groot hoërskole nie. Soms het die hoof die uitsluitlike verantwoordelikheid vir die onderrig op hom geneem; soms is hy deur ander onderwysers bygestaan.

Om die eerste beswaar op te los, wat vanselfsprekend ook die tweede sou verminder, het die Onderwysraad reeds in 1911 die wenslikheid oorweeg 1) om die hoër klasse in goed toegeruste middelbare skole te sentraliseer, veral in Oos-Transvaal. Die toepassing van hierdie beginsels is egter uitgestel totdat die tyd sou aantoon waar die hoërskole die meeste kans gehad het om 'n sukses te wees.

Die aantal skole met middelbare afdelings en die aantal hoërskole in verskillende jare word in die volgende tabel aangetoon.

Tabel XXVI. Aantal Skole met Middelbare Afdeling en aantal hoërskole in die Transvaal 1903 tot 1921.

| Jaar | 1903 | 1911 | 1915 | 1918 | 1919 | 1920 | 1921 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skole met Mid. Afd. | 14 | 20 | 18 | 11 | | | |
| Hoërskole | 5 | 7 | 10 | 20 | 27 | 33 | 44 |

Vanaf 1914 het die aantal skole met middelbare afdelings geleidelik verminder namate sommige van hulle tot die rang van hoërskole bevorder is en afgeskei is van die laerskole.

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 270 - 274.

(ii) <u>Hoërskole</u>. Die eerste hoërskool na die oorlog opgerig, was die Hoër Meisieskool in Johannesburg. Daarna is daar 'n meisieskool in Pretoria geopen en toe ook in albei stede skole vir seuns. In 1903 is daar nog 'n hoërskool in Johannesburg geopen en in 1905 een in Potchefstroom, sodat daar toe 6 was. Geleidelik het die aantal toegeneem totdat daar in 1915 reeds 10 was. Die departement het daarna sy beleid verander en besluit om die hele Transvaal van hoërskoolgeriewe te voorsien met die gevolg dat die aantal vanaf 1918 vinnig vermeerder het, soos die tabel aantoon. Van die 44 wat in 1921 bestaan het, was 33 gewone hoërskole, soos hulle tans nog bestaan, terwyl die orige tegniese e.a. skole was.

Met die oordrag van die tegniese onderwys na die Unieonderwysdepartement in 1925 en 1926 het die aantal hoërskole onder die departement verminder, maar later groei het die aantal tot op 46 gebring in 1940

Die vermeerdering van die aantal middelbare leerlinge is die beste aanduiding van die geweldige groei van sekondêre onderwys in die Transvaal. Die bygaande grafiek op die volgende bladsy toon dit aan.

Te oordeel na die inspeksieverslae was die gehalte van die werk in die hoërskole deurgaans goed, en beter as die in die skole met middelbare afdelings, hoewel die keuse van vakke in die meeste van hulle tot hede nog uiters beperk gebly het as gevolg van die kleinheid van die skole, maar meer nog as gevolg van die oorheersing deur die eindeksamen wat vir die grootste deel ekstern afgeneem word. Hieroor sal later meer gesê word.

Die invoering van vry middelbare onderwys in 1914 was 'n uiters gewenste stap en het die Transvaal 'n sport laat bereik wat tans, 30 jaar later, nog nie deur baie ander lande bereik is nie. Waar die aantal leerlinge in middelbare skole en afdelings in 1912 met slegs 37 en in 1913 met 43 gestyg het, het dit in 1914 met byna 200 vermeerder.





Fig. III.

Gem. Inskrywing in Hoërskole in die Transvaal.

1905 - 1940.

Adamson het, met die uitbreiding van fasiliteite vir middelbare onderwys, 'n vérsiende beleid neergelê ooreenkomstig die demokratiese beginsel van gelyke geleenthede vir almal. Elke leerling is tans in die bevoorregte posisie om middelbare onderwys te ontvang en, mits dit skyn of hy voordeel uit sulke onderwys sal trek, kan hy nog op 'n losiesbeurs reken as hy deur geldelike omstandighede sodanige kursus nie kan bywoon nie.

(b) Regulasies. Teen die einde van 1903 is daar volledige regulasies vir middelbare skole uitgereik. Die regulasies is vergesel 'n brief van die direkteur, Fabian Ware, aan die Assistent-Koloniale Sekretaris, waarin op die noodsaaklikheid van 'n ekstra jaar na matriek gewys is. Die toelatingsouderdom is op minstens 9 jaar gestel en minstens st. III moes voltooi wees. Die klasse sou wees: vorms I (ongeveer st. IV; ouderdom ongeveer 10 jaar), II, III, laer IV, hoër IV, laer V, hoër V, en VI. Elke vorm het in die reël 'n jaar geneem om te voltooi. Vorm hoër V was gelykstaande aan matriek, sodat die kursus tot 'n jaar na matriek gegaan het. Aan die einde van laer V en VI is verpligte eksamens afgeneem en wel deur die onderwysers wat vir die vakke verantwoordelik was onder toesig van 'n persoon of persone deur die direkteur aangestel. Vir hierdie twee eksamens was Latyn nie verpligtend nie, maar vir matriek was dit nog lank daarna 'n verpligte vak.

Die afneem van die eksamens deur die onderwysers na 1903 was 'n gewenste reëling, maar het nie lank in werking gebly nie want in die regulasies van 1909, uitgereik na die direkteur, Adamson, se besoek aan die hoërskole, is die ekstra jaar na matriek afgeskaf en het matriek die eindeksamen van die middelbare skool geword. Hiermee het die onderwysers niks te doen gehad nie en dit was 'n suiwer eksterne eksamen met al sy gebreke.

Die regulasies van 1909 het die voltooiing van st. V

vereis vir toelating tot die middelbare skool en die kursus sou daarna vyf jaar duur, d.w.s. van die ouderdom van 13 tot ongeveer 17 jaar, die vroeë adolessensie-tydperk, wat volgens Adamson as die geskikste tydperk beskou is.

Aan die einde van vorm IV moes alle leerlinge 'n departementele eksamen, die Skoolsertifikaateksamen, skryf, wat gedeeltelik intern en gedeeltelik ekstern was, en waarby die skoolrekord in aanmerking geneem is. Aan die einde van vorm V kon 'n leerling die matrikulasie-eksamen of 'n alternatiewe eksamen skryf of die direkteur kon aan hom 'n skooleindsertifikaat uitreik gebaseer op enige toets wat hy nodig geag het.

Die regulasies van 1912 het veral op die leerplanne en vakke betrekking gehad. Onderskeid is gemaak tussen die vir seuns en die vir meisies en dit was 'n merkwaardige verbetering op die vorige regulasies. 'n Ander verbetering, ingegee deur die nuwe filosofie en sielkunde, was die invoering van natuurwetenskap, tekene en gimnastiek as verpligte vakke vir seuns en naaldwerk en sang vir meisies. As nie-verpligte vakke is ingevoer handearbeid en sang vir seuns en kookkuns, skilderkuns en die maak van kostuums vir meisies. Die groot keuse van moderne vakke was werklik 'n stap vooruit, maar die uitlewing hiervan is bemoeilik deur die kleinheid van die skole, en die matrikulasieleerplan wat in vorm V gevolg moes word, se skaduwee het ook op die werk van die laer vorms geval.

In 1914 is bepaal dat leerlinge eers na st. VI na hoërskole oorgeplaas kon word en dat die kursus daarna nog vyf jaar sou duur. Die skoolkursus is dus verleng maar die leerstof het dieselfde gebly. Die bedoeling was dat die stof deegliker behandel moes word.

Net soos die verlengde skoolkursus van 1903 nie lank in werking gebly het nie, so ook die van 1914. Vroeg in 1918 is die oorgang ná st. VI bepaal terwyl die middelbare kursus vier jaar sou duur. Verder is geen nuwe bepalings ingevoer nie.

Die direkteurs was steeds ten gunste van oorplasing na hoërskole na die voltooiing van st. V, maar praktiese moeilikhede het in die weg hiervan gestaan. Dit is eers gedurende die afgelope paar jaar dat hierdie ideaal begin verwesenlik word. Hierop is in 'n vorige paragraaf reeds gewys.

Ander regulasies wat uitsluitlik op eksamens betrekking het, word in 'n volgende paragraaf behandel.

(c) Inspeksie. Vanaf die stigting van die twee soorte skole, nl. die hoërskole en die skole met middelbare afdelings, is elke soort deur 'n aparte inspeksiekomitee geïnspekteer. Aangesien onderrig in hoërskole deur spesialiteite in hul onderskeie vakke gegee is, was die direkteur van mening dat dit ook deur spesialiteite geïnspekteer moes word. Dit was 'n gesonde beginsel dog is later nie konsekwent deurgevoer nie soos weldra aangetoon sal word. Die eerste inspeksiekommissie vir hoërskole (1904) het uit J.E. Adamson, dr. Breyer, mej. P.G. Fawcett, dr. Mac Fadyen, en twee assesore, nl. A.C. Paterson vir die klassieke en N. Hofmeyr vir Hollands bestaan. Die kommissie vir die middelbare afdelings was in 1904 H. Warre Cornish, Adamson, L. O'Malley, Paterson en mej. Fawcett.

In 1908 en weer in 1909 is die hoërskole deur Adamson self geïnspekteer. As gevolg van sy eerste inspeksiebesoek is daar in 1909 nuwe regulasies uitgevaardig waarna reeds verwys is. Die direkteur het gevind dat die werk te veel vir een persoon was en aangekondig dat daar vanaf 1910 weer 'n kommissie aangestel sou word. Dit is waarskynlik nie gedoen nie want in 1911 is W.E.C. Clarke as inspekteur van middelbare onderwys aangestel. Hy het sowel die hoërskole as die middelbare afdelings onder sy toesig gehad. Gedurende 1916 en 1917 kon hy, as gevolg van oorlogsomstandighede, geen inspeksiewerk doen nie. Sy bevindings i.v.m. die werk, veral die verskil tussen die twee soorte skole is reeds in 'n vorige paragraaf aangehaal.

Met die geweldige uitbreiding van middelbare onderwys vanaf 1918 het dit nodig geword om aan Clarke hulp te verskaf. Geen ekstra inspekteur kon egter gevind word nie, en toe Clarke in 1920 as direkteur moes waarneem, is inspeksie feitlik heeltemal opgeskort. Dr. N.M. Hoogenhout het gehelp deur die mondelinge oksamens vir vorm IV af te neem.

Teen die einde van 1921 het Clarke bedank en by sy uitdienstreding is die inspeksie van middelbare skole gereorganiseer. Die middelbare afdelings is aan die distriksinspekteurs oorgelaat terwyl twee inspekteurs, bevoegd om alle vakke in beide Engels en Afrikaans te inspekteer, aangestel is. T.G. Ligertwood, 'n deskundige aan die letterkundige en humanistiese kant, en A.J. de Vos, 'n wetenskaplike en wiskundige, -is aangestel om mekaar aan te vul. Hulle sou elke hoërskool elke twee jaar inspekteer en aan hierdie inspeksie sou die distriksinspekteur deelneem. Die inspekteurs moes die vryheid en verantwoordelikheid van die hoërskoolonderwysers respekteer en professionele inisiatief aanmoedig. Adamson was van mening dat die assosiasie van die distriksinspekteur met die ander twee inspekteurs 'n weldadige invloed op die laerskole sou hê, en verder dat sy status in sy distrik daardeur verhoog sou word. Wat die laasgenoemde mening betref, het die distriksinspekteurs egter van Adamson verskil. Hulle het hulle minderwaardig teenoor die ander twee gevoel en geagiteer om die inspeksie van middelbare skole in hulle eie hande te kry, met Ligertwood en de Vos om hulle te help. Die hoërskoolonderwysers het die teenoorgestelde uiterste mening gehuldig: die distriksinspekteurs moes hoegenaamd nie behulpsaam met die inspeksie van hoërskole wees nie. Ook die Uitvoerende Komitee wou die distriksinspekteurs se voorstel nie aanvaar nie sodat die ou stelsel bly voortbestaan het totdat Ligertwood in 1925 bedank het en de Vos alleen verantwoordelik gebly het vir die hoërskole, met behulp van die distriksinspekteur.

In 1929 is hierdie stelsel beëindig toe de Vos as Eksaminator in die hoofkantoor benoem is. Voortaan sou hoërskole geïnspekteer word deur 'n inspeksiekommissie bestaande uit die distriksinspekteur tesame met soveel van sy kollegas as wat die inspeksie van 'n bepaalde skool vereis het. De Vos sou voorlopig voorsitter van elke sodanige kommissie wees, sodat die volste gebruik van sy uitgebreide ondervinding gemaak is tot voordeel van die ander inspekteurs, en daar 'n mate van eenvormigheid gehandhaaf is t.o.v. inspeksie en inspeksieverslae. Skole sou elke drie jaar geïnspekteer word.

Die distriksinspekteurs is deur hierdie reëling bevredig en reeds in hulle verslae oor 1929 het die meeste van hulle met genoeë melding gemaak van die feit dat hulle met die inspeksie van hoërskole behulpsaam was. J.G. de Vos het gemeen dat die nouere voeling met die werk in die hoërskole hulle die geleentheid verskaf het om die doeltreffendheid van die laerskoolwerk in sy latere ontwikkeling te volg en dit sou hulle in staat stel om die nodige wysigings in die laerskoolwerk aan te bring.

Myns insiens was dit 'n verkeerde stap, behalwe as kringinspekteurs in die eerste instansie met die oog op hoërskoolwerk aangestel word. Dan egter is hulle moontlik minder bevoegd vir laerskoolwerk. Hoewel die onderwysstelsel as een geheel gesien moet word, is daar tog 'n hemelsbreë verskil tussen die werk in die twee soorte skole, 'n ander werkwyse is nodig en 'n ander houding teenoor die leerlinge as gevolg van die verskil in ouderdom, Elke soort skool bied sy eie probleme wat proefondervindelik en wetenskaplik opgelos moet word. Vir die hoërskool is vakspesialiteite nodig om as inspekteurs op te tree; in die laerskool is die behoefte aan filosofies-onderlegde opvoedkundiges wat 'n veelsydige belangstelling in die opvoeding het, miskien meer gewons.

Hoe dit ook mag wees, die stelsel van driejaarlikse inspeksie deur kommissies van kringinspekteurs is tans nog in werking.

(d) Eksamens. Tot in die dertigerjare het die Transvaalse onderwysdepartement deurgaans 'n verpligte siftingseksamen gehad om leerlinge te keur vir toelating tot die matrikulasie of vorm V-klas. Aan die einde van vorm V was daar die matrikulasie-eksamen, en later die Transvaalse Middelbareskoolsertifikaateksamen. Dit is nodig om die ontwikkeling van die twee eksamens afsonderlik na te gaan omdat hulle apart ontwikkel het en die een meer intern en die ander meer ekstern was.

(i) Siftingseksamen vir vorm V: Volgens die regulasies van 1903 moes alle leerlinge in vorm laer V die Laersertifikaateksamen skryf. Die eksamen is deur die onderwysers afgeneem wat vir die verskillende vakke verantwoordelik was, onder toesig van 'n persoon of persone daarvoor aangestel deur die direkteur. Die eksamen was derhalwe intern in sover as die onderwysers self die vrae gestel en die skrifte beoordeel het, en ekstern in sover as 'n Raad van Moderatore die vrae goedgekeur en die antwoorde uiteindelik weer nagesien het. Die Raad van Moderatore moes 'n mate van eenvormigheid handhaaf. Die direkteur, Adamson, het hierdie soort eksamen aangeprys[1)] omdat dit baie van die euwels van die eksterne eksamen uitgeskakel het soos die oorheersing van die skoolwerk deur eksamens, e.d.m.

Die regulasies van 1909 het 'n stap agteruitgegaan want daarvolgens sou die klasrekord wel in aanmerking geneem word maar die eksamen sou gedeeltelik ekstern wees. Die eksamen was weer verpligtend vir alle leerlinge in die tweede hoogste klas (nou vorm IV) en is genoem die Skoolsertifikaateksamen.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 115.

In 1920 is 'n skema van die T.O.D. deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad aangeneem waaronder die departement sy eie skooleindeksamen sou afneem, gelykstaande aan matrikulasie, as aan sekere voorwaardes voldoen sou word. Hierdie eksamen word in die volgende paragraaf bespreek maar word hier aangehaal omdat die keuringseksamen aan die einde van vorm IV vanaf 1920 Trap I van die M.S.S.E. genoem is, terwyl die eindeksamen Trap II genoem is. Hierdie stap het egter geen wesenlike verandering in die vorm IV-eksamen gebring nie, behalwe dat die eksamen, wat die moderne tale betref, ook sou bestaan uit 'n mondelinge deel wat deur die onderwysers self afgeneem sou word. Die skoolrekord sou nog in aanmerking geneem word soos in die verlede en sou vir een-derde van die totale puntetal tel terwyl die skriftelike eksamen vir twee-derdes sou tel. Trap I was verpligtend vir alle leerlinge in vorm IV, en is deur die departement as baie belangrik beskou as 'n siftingseksamen om swak kandidate uit vorm V te weer.[1] Op hierdie punt dien gelet te word want dit was een van die vername besware teen die eksamen dat, selfs na die eerste keuring, daar nog so 'n groot persentasie in trap II gedruip het, ruim soveel as in die matrikulasie-eksamen waar daar geen sodanige versperring was nie.

In 1931 is die trap I-eksamen vir die laaste keer afgeneem. Vanaf 1932 is dit afgeskaf en is die Transvaalse Junior sertifikaateksamen ingestel. In 1932 was dit opsioneel vir leerlinge om daaraan deel te neem maar vanaf 1933 was dit vir alle leerlinge verpligtend. Tans is dit nog verpligtend vir alle st. VIII-leerlinge in skole wat nie verder as st. VIII gaan nie, asook vir beursleerlinge in hoërskole. Vir die orige is dit opsioneel.

Op grond van die Junior sertifikaat- en die skooleindeksamens word sertifikate uitgereik. Vir st. VI, VII

1) Jaarverslag T.O.D. 1922, bl. xii, Bylae V.

en IX word daar deur die departement op aanbeveling van die hoof en sonder enige eksterne eksamen, gesertifiseerde verklarings uitgereik.

Die besware teen die Junior-sertifikaateksamen is dieselfde as die teen die skooleindeksamen en word in die volgende paragraaf opgesom. Hier dien egter gemeld te word dat die eksamen veral swaar druk op die junior hoërskole waarvoor daar sulke hoë ideale gekoester is wat onmoontlik onder die skaduwee van die eksamen verwesenlik kan word. Instede van modelskole te word, ingerig volgens die moderne opvoedkundige en sielkundige opvattings, het hulle niks anders geword nie as hoërskole van die ou tipe, wat slegs tot by st. VIII gaan. Die enigste redding is geleë in die afskaffing van die eksamen so gou as moontlik voordat daar 'n verkeerde tradisie gevorm is.

(ii) <u>Matrikulasie-eksamen</u>. Hierdie eksamen is reeds voor 1903 deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop afgeneem en dit was terselfdertyd die eindeksamen van die hoërskole.

Ware se regulasies van 1903 het vir 'n ekstra jaar hoërskoolonderwys voorsiening gemaak, d.w.s. tot by vorm VI. Of kinders so lank op skool gebly het, weet ek nie, want geen melding van so 'n eksamen kom in die offisiële stukke voor nie. Aan die einde van vorm hoër V kon leerlinge vir die matrikulasie-eksamen, afgeneem deur die enigste bestaande Suid-Afrikaanse universiteit as 'n toelatingseksamen tot die universiteit, inskryf. 'n Toenemende aantal Transvaalse kandidate het vir hierdie erkende eksamen ingeskryf: in 1904 17, in 1905 105 en in 1906 reeds 132.

Die universiteit was nie geneë om enige toegewings te maak t.o.v. vertoë van die kant van die onderwysdepartemente om bv. Latyn 'n opsionele vak te maak, of om 'n eksamen wat ekwivalent aan matriek sou wees maar wat gedeeltelik deur die onderwysers afgeneem sou word, in te stel nie.

In 1906 het die Transvaalse Universiteitskollege te Johannesburg tot stand gekom en sy eie matrikulasie-eksamen begin afneem. Daar was twee soorte sertifikate: A indien Engels, matesis, en Latyn as verpligte vakke geneem is en B indien Engels en matesis as verpligte vakke geneem is. Latyn kon dus uitgeskakel word, maar dit is nie duidelik of die sertifikaat dan dieselfde waarde gehad het nie.

Alle eksamens van die Universiteit van die Kaap, die enigste selfstandige universiteit tot in die tweede dekade van die eeu, is in Engels afgeneem tot in 1911. Enige toegewings in die Transvaal t.o.v. Hollands as medium is hierdeur verydel, want, om die leerlinge deur die matrikulasie-eksamens te kry, was dit noodsaaklik om hulle deur medium Engels te onderwys.

Teen 1918 was daar reeds drie universiteite. Om eenvormigheid van standaard en van prosedure t.o.v. die toelatingseksamen (matrikulasie) te verkry, is die Gemeenskaplike Matrikulasieraad in 1918 in die lewe geroep waarop die universiteite van Kaapstad, Stellenbosch en Suid-Afrika verteenwoordig is, asook die vier provinsiale onderwysdepartement, die Unie-Onderwysdepartement en die middelbare skole. Vir die eerste keer kon die skole hulle stem laat hoor op die vergaderings van die liggaam wat tot so 'n groot mate hulle werk bepaal het, hoewel hulle tesame slegs 6 verteenwoordigers gehad het uit 23.

'n Wesenlike verskil het die instelling van die G.M.R. aan die eksamen nie gemaak nie. Wel sou die skoolrekord in aanmerking geneem word, maar die eksamen was nog suiwer ekstern, afgeneem deur eksaminatore wat selde, indien ooit, in aanraking met hoërskoolleerlinge gekom het.

In 1920 het daar 'n ontwikkeling plaasgevind wat groot verwagtings gewek het en wat groot moontlikhede ingehou het, maar wat, helaas, nie aan daardie verwagtings voldoen het toe dit in die praktyk toegepas is nie. Die T.O.D. het nl. die G.M.R. oorreed om 'n skema te aanvaar waaronder die

eersgenoemde sy eie skooleindeksamen kon afneem wat in alle opsigte as gelykwaardig met die matrikulasie-eksamens beskou sou word mits aan sekere voorwaardes voldoen word, soos die voorlê van leerplanne, vraestelle en antwoordeboeke aan die moderatore van die G.M.R. wat dan die punte op of af sou skuif om by die matrikulasie-peil aan te pas.

In sekere opsigte was die eksamen 'n groot verbetering op die oue:

1. Die skoolrekord het vir een-derde van die punte in elke vak getel en die skatting is deur die onderwysers gemaak. Die onderwyser se oordeel het dus ook gegeld, maar die skoolrekord moes tot binne 10% van die eksamen-punte gebring word.
2. Die eksaminatore is deur die departement gekies en persone kon aangestel word wat nie net kennis van die vakke gehad het nie maar ook van die kennis en vermoëns van leerlinge van middelbare skole
3. Wat die moderne tale betref is daar ook 'n mondelinge eksamen ingestel wat een-vyfde van die totale aantal punte uitgemaak het. Hiermee is een van die grootste besware van die onderwysers teen die ou stelsel uit die weg geruim. Die mondelinge eksamens is vir een-derde deur die skool en vir twee-derdes deur 'n eksaminator van die departement afgeneem.

Die besware teen die stelsel was, en is, egter nog groot. Die gebreke wat enige eksterne eksamen aankleef, was ook nog eie aan die nuwe M.S.S.E. sodat dit binne enkele jare bestempel is as die Transvaalse Matriek.

Die besware kan as volg opgesom word.

1. Die eksamen is onbetroubaar en nie doeltreffend selektief nie omdat skrander leerlinge soms druip en swakkeres slaag.
2. Die peil varieër van jaar tot jaar en daarom word sommige leerlinge veronreg en hulle loopbaan verongeluk.

3. Die eksamen beïnvloed die skoolwerk nadelig op verskillende maniere, een waarvan is dat dit eksamendril aanmoedig.
4. Die eksamen meet kennis sonder inagneming van hoe die kennis verkry is. Dit werk die „blok"-metode in die hand.
5. Die eksamen meet kennis, maar dit stel nie vas of die kennis toegepas kan word nie, en abstrakte kennis is nie van veel waarde nie.
6. Die eksamen bepaal die sillabusse en verhinder 'n vry keuse van vakke.
7. Die werklik waardevolle dele van vakke - die kulturele ontwikkeling - kan nie getoets word nie maar word eerder deur die eksamen verongeluk.
8. Morele hoedanighede wat van groot betekenis in die lewe is, word nie deur die eksamen getoets nie.
9. Die skaduwee van die eksamen veroorsaak verwydering tussen die skoollewe en die lewe daarbuite.
10. Die eksamen, en die voorbereiding daarvoor, skaad die gesondheid van sommige leerlinge, veral meisies.
11. Die ou-tipe eksamen wat meestal gebruik word, dek nie die hele veld nie, is subjektief, en toets geheue maar nie ontwikkeling nie.

Die bogaande besware kan met een penneveeg opgelos word slegs deur die eksamen in sy huidige vorm af te skaf. 'n Ander stelsel van sertifisering sal daarvoor in die plek gestel moet word. So 'n stelsel is in die vorige hoofstuk uiteengesit, tesame met die voordele daaraan verbonde en 'n oplossing vir die besware wat daarteen ingebring kan word. Kortliks kom dit hierop neer dat die promosie in die hande van die onderwysers self berus en gebaseer is op die werk wat die leerling in die loop van een of meer jare gelewer het. Sy I.K., sy deursettingsvermoë, sy prestasies op die gebied van die sosiale lewe, sport, e.d.m., asook ander karaktertrekke, word aangeteken en strek tot sy voor-

of nadeel by die eventuele uitreiking van 'n sertifikaat deur die departement of getuigskrif deur die hoof.

5. OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

(a) Gebrek aan opgeleide onderwysers. In die kampskole was daar 'n groot gebrek aan bevoegde onderwysers. Die republikeinse onderwysers was meestal in die veld saam met die Boerekommandos en daar was nog geen geleentheid om onderwysers van elders in te voer nie. Teen die einde van 1901 is in baie skole gebruik gemaak van die dienste van seuns en meisies wat slegs st. ses, vyf, of selfs vier gemaak het. Die eerste ingevoerde onderwysers uit Engeland en ander Britse geweste het vroeg in 1902 hier aangekom, maar genoeg om in al die behoeftes van die nuwe kolonie te voorsien, kon nie verkry word nie, temeer daar die moontlikheid van uitbreiding op onderwysgebied so groot was. Die onderwysers van die voormalige Republiek het, na beëindiging van die oorlog, veelal hulle lot by die C.N.O.-skole ingewerp sodat daar geen merkbare verbetering in die staatskole te bespeur was nie.

Die oprigting van Normaalskole vir die opleiding van onderwysers was 'n dringende noodsaaklikheid en reeds spoedig is daartoe oorgegaan. Die resultate het nie uitgebly nie. Reeds in 1907 was 61·5% van die onderwysers in alle skole ten volle gesertifiseerd, en die persentasie is geleidelik verhoog totdat daar in 1933 minder as 1% ongesertifiseerd was. Die volgende grafiek toon die styging aan. Onderwysers was wel ook toegelaat om privaat (d.w.s. onopgelei) vir die onderwyserseksamens te studeer, maar die oorgrote meerderheid is in Normaalkolleges opgelei. (Sien grafiek op volgende bladsy.)

(b) Die Oprigting van Normaalkolleges. Dadelik na die sluiting van die vrede is die eerste Normaalskole te Pretoria en Johannesburg opgerig. Hierdie twee is later tot een verenig onder die hoofskap van John E. Adamson. Op 2 Septermber 1902 is die eerste studente toegelaat.





Fig. IV.

Persentasie Onderwys Gesertifiseerd in die Transvaal 1905 tot 1940.

Aanvanklik is daar nie op die matrikulasie-sertifikaat aangedring nie hoewel die regulasies die matrikulasie-standaard vir toelating vereis het.

Vroeg in 1909 is daar nog twee kolleges geopen, nl. een te Heidelberg met J.A. Dönges as hoof en een te Johannesburg met W.R. MacGregor as hoof. Intussen het dr. N.M. Hoogenhout hoof van die Pretoriase kollege geword. In 1909 was daar 267 studente in die drie kolleges. Na die verskerping van die regulasies vir Q3 in 1911 het die aantal studente nooit die begeerde hoogte bereik nie; maar met toegewings wat in 1918 aangebring is, het die studente toegestroom.

In 1918 is daar nog twee nuwe opleidingsentra geopen, nl. te Potchefstroom en te Ermelo. Aanvanklik was hulle slegs voorbereidende sentra en het kandidate toegelaat wat nie die matrikulasie-kursus kon voltooi en daarna nog twee jaar aan 'n Normaalkollege deurbring nie. Leerlinge van st. VII of hoër is toegelaat. Hulle moes 'n preliminêre opleiding van 2 of meer jaar ondergaan totdat hulle bevoegd was om met die Q3-kursus te begin waarna die skole die status van Normaalkolleges sou ontvang. Aanvanklik was die twee skole dus slegs hoërskole waarvan die leerlinge ses maande per jaar in die inrigting onderrig ontvang het en ses maande aan skole verbonde was waar hulle hulp moes verleen en lesse waarneem. In 1921 het die twee inrigtings die status van Normaalkolleges bereik. Ermelo het net vir Q3 opgelei terwyl daar geen geleentheid vir sy studente was om 'n universiteit te besoek soos die geval met die ander vier inrigtings was nie (vgl. infra). In 1925 is Ermelo gesluit. Die ander vier opleidingsinrigtings bestaan tans nog.

Vanaf 1921 was daar 'n gedurige styging in die aantal studente, en dit het enige jare voortgeduur. Die direkteur het die toename veral toegeskryf aan die aantreklikheid van die nuwe gekombineerde kursus, wat ook daartoe

bygedra het om rekrute van 'n baie beter kwaliteit tot die professie aan te trek.

(c) Regulasies vir die Opleiding van Onderwysers. Die regulasies tesame met alle wysigings en veranderings is breedvoerig in die verskillende hoofstukke uiteengesit. Slegs die hoofpunte word hier weergegee om die algemene vooruitgang en ontwikkeling t.o.v. nuwe insigte te skets.

Die eerste regulasies vir Normaalskole is vervat in goewermonts-kennisgewing no, 396 van 22 Augustus 1902. Die toelatingseksamen was die matrikulasie van die Kaapse Universiteit of 'n gelykstaande eksamen en die minimum-ouderdom was 17 jaar. Die opleiding vir O3 sou een jaar duur en suiwer professioneel wees. Ook die regulasies vir O2 en O1 is neergelê. As gevolg van omstandighede is aanvanklik nie op matrikulasie aangedring nie.

In 1905 is breedvoeriger regulasies gepubliseer. Die vereistes is aansienlik verhoog. Bevredigende diens as onderwyser was nodig alvorens 'n sertifikaat te kan verkry. Die vakke en sillabusse is in besonderhede aangegee. Die eersteklas sertifikaat kon deur hoofde van alle skole en deur assistente van middelbare skole behaal word na ses jaar bevredigende diens as hulle in besit van O2 was, na inhandiging van 'n goedgekeurde oorspronklike verhandeling en na 'n studiereis van 'n jaar in die buiteland.

In Mei 1909 is nuwe regulasies uitgereik waarin daar groot nadruk op die tale gelê is, mondeling sowel as skriftelik. Albei tale was verpligtend vir O3; O3 was verpligtend om tot O2 toegelaat te word; O2 was vereis om tot O1 toegelaat te word. Albei tale was dus vir alle nuwe onderwysers verpligtend ter toepassing van die taal-klousules van die Smutswet. Die O2-eksamen het ietwat makliker geword en vir O1 is daar geen buitelandse reis meer vereis nie maar wel benewens die verhandeling 'n skriftelike eksamen.

Na die totstandkoming van Unie is besluit dat die opleiding van onderwysers vir O3 en O2 deur die provinsies waargeneem sou word terwyl die opleiding vir O1 deur die Unie-onderwysdepartement in universiteite onderneem sou word. Teen die einde van 1910 het die T.O.D. weer volledige regulasies gepubliseer vir die opleiding van onderwysers wat ook nog O1 ingesluit het. Vanaf 1913 is die kursus vir O1 aan die universiteite toevertrou. Dit het in werking gebly tot in 1923 toe dit deur 'n eenjarige kursus vervang is, bekend as die Hoër Onderwysdiploma en later as die Universiteits-Onderwysdiploma[1].

Die instelling van so 'n kursus aan die universiteite het dit noodsaaklik gemaak om professore in die opvoedkunde aan te stel wat opvoedkunde as wetenskap kon doseer. Behalwe dat die professore onderwysers opgelei het, het hulle hulle ook toegelê op die navorsing van die beginsels, die geskiedenis en die sielkunde van die opvoeding. Die gevolg was dat die opvoedkunde 'n belangriker plek ingeneem het onder die wetenskappe en wetenskaplik beoefen is. Dit was, volgens prof. Coetzee, een van die belangrikste faktore wat tot die vernuwing van die onderwys in Suid-Afrika bygedra het.

Vroeg in 1911 is die regulasies geamendeer. Die vernaamste veranderings was dat matrikulasie voortaan 'n vereiste vir toelating tot O3 was en dat die opleiding vir O3 twee jaar sou duur nadat 'n student vooraf ses maande aan 'n skool deurgemaak het om hom enige ervaring van praktiese onderwysaangeleenthede te laat opdoen en om hom te laat besluit of hy aanleg of roeping vir onderwyser het. Drie jaar na matriek sou dus eintlik daarmee heengaan. O3 was 'n vereiste vir toelating tot O2; ook moes 'n onderwyser met O3 eers 18 maande as onderwyser dien waarna die O2-kursus 6 maande sou duur. Hierdie verswaring van die eise het die aantal studente laat afneem soos in 'n vorige

---

1) Coetzee, J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl. 47.

paragraaf reeds aangetoon is, en so moeilik het die posisie geword dat die eise in 1918 verlig moes word.

Die regulasios wat vanaf 1918 in werking sou kom, het twee belangrike wysigings ingehou: (a) die kursus vir O3 sou nog twee jaar duur maar kon tot op een jaar verminder word vir onderwysers met vyf jaar bevredigende diens. Ook is die ses maande aan 'n skool afgeskaf. (b) Die besit van O3 was nie meer 'n vereiste vir O2 nie.

Die grootste en belangrikste verandering het gekom met die invoering van 'n gekombineerde kursus in 1919, toe 'n skema opgestel is waarvolgens die studente te Pretoria en Johannesburg die voordele van 'n gekombineerde universiteits- en suiwer professionele kursus kon geniet. Die Heidelbergse studente wat wou, kon na voltooiing van hulle professionele kursus na 'n universiteit gaan vir 'n jaar opleiding. Te Pretoria en Johannesburg is die universiteitsjaar tussen stadiums van die professionele kursus ingeskuif. Die skema het bestaan uit 'n tweejarige kursus vir O3, 'n driejarige vir O2 en 'n vierjarige vir O2 met B.A. of B.Sc.

Toe die Potchefstroomse inrigting in 1921 die status van 'n Normaalkollege bereik het, is sy studente aan die P.U.K. verbind vir hulle universiteitsopleiding.

Die noue verband tussen die Normaalkolleges en die universiteite het daartoe bygedra om die gesigseinder van die studente te verruim, en om hulle met die nuwe idees en metodes van die opvoeding bekend te laat raak, sodat hierdie skema ook grootliks bygedra het tot die opbloei van 'n nuwe onderwys in Suid-Afrika.

Aanvanklik was die universiteitsvereistes laag: 'n eerstejaarskursus waarvoor selfs enige drie vakke voldoende was, het vrystelling van deel 1 van die O2-kursus meegebring. In 1925 is bepaal dat minstens 6 vakke nodig was, en dit moes vakke wees wat vir deel 1 voorgeskryf was en moes minstens een offisiële taal insluit. In 1929 is bekend

gemaak dat 5 universiteitsvakke i.p.v. 6 nodig was, maar dat 2 daarvan tweedejaarsvakke moes wees.

In onbelangrike opsigte is die regulasies van tyd tot tyd gewysig, maar in hoofsaak het dit onveranderd gebly totdat 'n ingrypende verandering in 1933 ingevoer is, toe die Q2- en Q3-sertifikate afgeskaf is en die Transvaalse Onderwysersdiploma daarvoor in die plek gestel is. Vyf universiteitsvakke is nog vereis sowel as 'n professionele kursus van twee jaar aan 'n opleidingsinrigting, maar die twee kursusse sou nie meer gelyktydig geneem word nie. Vir toelating is die T.M.S.S. of 'n ekwiwalent vereis en in 1934 is bepaal dat kandidate by die T.M.S.S.E. in albei offisiële tale moes geslaag het.

Die laer sertifikaat, Q3, is dus afgeskaf, aangesien die T.O.D. byna aan Q2 gelyk gestaan het. Die departement het hiermee 'n verbetering van die gehalte van sy onderwysers beoog, maar het drie jaar later uitgevind dat dit noodsaaklik was om weer Q3-onderwysers op te lei sowel om ekonomiese redes as omdat daar 'n tekort aan onderwysers was. Veral dames het 'n Q3-kursus verkies. So 'n kursus is te Heidelberg ingestel.

Tans word onderwysers dus nog opgelei vir Q3 en die T.O. Diploma wat met of sonder 'n universiteitsgraad verwerf kan word. Vir alle onderwysers was universiteitsbywoning noodsaaklik, maar in 1944 is daar 'n suiwer prof. kursus ingestel en onderwysers wat dit neem, volg geen universiteitskursus nie.

(d) Eksamens. Tot in die dertigerjare het sowel studente aan die kolleges as diensdoende onderwysers wat privaat studeer het, aan die eksamens deelgeneem. Die laasgenoemde was dan onopgelei indien hulle nooit 'n Normaalkollege besoek het nie en het gewoonlik 'n salaris ontvang wat twee kerwe laer as die van opgeleide onderwysers gestaan het, hoewel die maksimum-salaris van albei dieselfde was.

Die eksamens is deur eksterne eksaminatore van die onderwysdepartement afgeneem. Elke jaar is daar in die jaarverslag van die T.O.D. 'n eksamenverslag gepubliseer oor die onderwysersekssamens, en dit is opvallend by die deurlees van die verslae dat daar steeds van so 'n lae gehalte van die werk van die aspirant-onderwysers melding gemaak is. Byna nooit het die eksaminatore enige lof in enige vak kon toeswaai nie. Daar was wel indiwiduele kandidate wat uitstekende werk gelewer het, maar die gemiddelde was meestal benede peil. Miskien was die eise te hoog gestel, iets wat dikwels gebeur as persone wat nie in regstreekse aanraking met die eksaminandi se skoolwerk kom nie, as eksaminatore optree.

In 1929 het J.S. van Heerden, hoof van die Potchefstroomse Normaalkollege, daarvoor gepleit dat die eksamens meer gebaseer moes wees op wat die kandidate gedurende hulle kollegeloopbaan gepresteer het as op die uitslag aan die einde van die jaar. In 1930 het hy geskryf: „As kandidate wat deur die Opleidingsinrigting goed gesif en voorberei is vir die diens van opvoeding, tog nog die prooi van die eksterne eksaminator word, dan doen onwillekeurig die vraag sig vir die soveelste keer voor, wat word vereis - voorbereiding vir onderwyser in die volste sin van die woord of afrig vir die eksamens sonder meer."

Dieselfde besware teen eksterne eksamens wat in 'n vorige paragraaf opgesom is i.v.m. middelbare skole is ook van toepassing op Normaalkolleges, en die knellende invloed van die eksamen is deeglik deur die hoofde gevoel.

Die pleidooie van prof. van Heerden het dan ook nie op dowe ore geval nie. In 1932 is 'n Eksamenraad vir die vier kolleges in die lewe geroep waarop die direkteur, een inspekteur, die vier hoofde en nog ses verteenwoordigers van die kolleges gedien het. Die kolleges sou hulle eie interne eksamens afneem en wedersyds as eksterne eksaminatore die werk van die kolleges kontroleer. Op hierdie wyse

is daar 'n groot verbetering aangebring want, hoewel die eksamens van die onderskeie kolleges nog ekstern afgeneem is, is dit afgeneem deur kollegas wat dieselfde werk gedoen het en dus op hoogte was met wat die studente kon doen.

Vanaf 1933 is jaarpunte toegeken wat by die uitslag in aanmerking geneem is.

In 1936 is aangekondig dat die eksamens deur die kolleges afgeneem sou word. Die Eksamenraad is afgeskaf. Die eksamens was sedert 1936 intern, met 'n eksterne moderator, deur die departement aangestel, vir sommige vakke. Die moderator was altyd 'n lid van een van die ander kolleges.

Die algehele vrymaking van die kolleges het in 1944 gekom toe eksamens geheel en al afgeskaf is, en die sukses van 'n kandidaat t.o.v. sy professionele kursus word tans uitsluitlik deur die hoof en personeel bepaal op grond van sy jaarwerk.

As die Normaalkolleges self hulle studente kan promoveer, ontstaan die vraag waarom die hoërskole nie dieselfde reg kan hê nie. Die Normaalkolleges kan hulle voortaan toelê op „voorbereiding vir onderwyser in die volste sin van die woord" i.p.v. steeds die een oog op die eksamen gerig te hou. Hierdie hoogste mate van vryheid is 'n uitvloeisel van die moderne opvattings i.v.m. onderwys.

(e) Inspeksie. Die eerste melding van 'n besoek aan die Normaalkolleges was nadat die direkteur self die kolleges in 1909 besoek en oor hulle verslag uitgebring het. Te Pretoria en Johannesburg was die medium Engels maar te Heidelberg het die direkteur parallelklasse gevind vir die studente wat die klasse nie in Engels kon volg nie. Hy het dit betreur want elke student moes, volgens sy mening, ook klasse in die tweede taal kan volg. Dit wys blykbaar geen inspeksiebesoek nie, daar dit nie op gereelde tye herhaal is nie.

Dat die kolleges nooit geïnspekteer is nie, is te begryp aangesien Adamson die hoof van so 'n kollege as met inspektorale rang beklee, beskou het.[1] Geen wonder dat die kolleges die instelling van inspeksie in 1938 betreur het nie. Vir die eerste keer in hulle geskiedenis is die kolleges deur die direkteur en twee inspekteurs geïnspekteer en dit sou 'n gereelde instelling wees. In 1941 is hulle vir die tweede keer geïnspekteer deur die direkteur, die hoof-inspekteur en 'n ander inspekteur. Dit was tot dusver die laaste inspeksie.

Waarskynlik is daar gedurende die laaste jare besef dat, met die afskaffing van eksamens, wat altyd 'n mate van kontrole uitgeoefen het, daar op 'n ander wyse beheer uitgeoefen moet word, en dit deur inspeksie. Dit is wat ek voorstaan i.v.m. middelbare onderwys en ek kan geen beswaar daarteen sien i.v.m. die kolleges nie.

## 6. NATURELLE-ONDERWYS.

(a) Staatsondersteunde Skole. Die eerste stap om naturelleonderwys te organiseer, is gedoen toe oerwaarde W.E.C. Clarke in Februarie 1903 as superintendent van naturelle-onderwys aangestel is.

Daar het toe reeds 'n hele aantal skole in die Transvaal bestaan, opgerig en onderhou deur sendinggenootskappe. In April 1903 was daar 201 sulke sendingskole met 12,600 leerlinge en 289 onderwysers.

Volgens besluit no. 797 van 1 Oktober 1903 van die Transvaalse Uitvoerende Raad sou die staat die skole finansieël ondersteun op voorwaarde dat hulle vir die inspekteurs of die superintendent van die onderwysdepartement toeganklik moes wees. Die departement self was nie voornemens om skole te stig nie, maar het slegs bestaande skole ondersteun. Die aantal skole wat hulle by die departement laat registreer het en ondersteuning ontvang

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1906, bl. 13.

het, het geleidelik aangewas, soos die onderstaande tabel toon:

Tabel XXVII. Toename van die aantal ondersteunde naturelleskole in die Transvaal 1905 - 1940.

| Jaar | 1905 | 1910 | 1915 | 1920 | 1925 | 1930 | 1935 | 1940. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Skole | 172 | 220 | 267 | 408 | 351 | 581 | 651 | 864 |

Die tydelike terugslag wat veral in die jare 1924 en 1925 aansienlik was, is veroorsaak deur die verwarring van die finansiële verhouding tussen die provinsie en die Unieregering, waarop binnekort gewys sal word.

Die aantal leerlinge het na verhouding vinniger toegeneem, vanaf ruim 7000 in 1904 tot byna 128,000 in 1940.

In 1908 is daar 'n suiwer goewermentskool geopen te Klipspruit. Hoewel die departement hom bereid verklaar het om in lokasies van sy neergelegde beleid af te wyk, het hy nooit meer staatskole opgerig nie en Klipspruit het die enigste van sy soort gebly.

Vanaf die begin is die skole ondersteun uit die fondse van die Transvaalse regering en later van die provinsiale regering. Vanaf 1923 het die Unieregering tot die koste van naturelleonderwys bygedra. Vir die eerste jaar is £10,000 bygedra wat egter ontoereikend geblyk het in die daaropvolgende jare, en die provinsiale owerheid was nie geneë om meer geld beskikbaar te stel nie omdat hy nie die reg gehad het om die naturelle te belas nie. Die gebrek aan geld het die opening van nuwe skole in die jare na 1923 verhinder en 'n aantal bestaande skole is gesluit, soos uit die tabel hierbo blyk.

Vanaf 1926 sou die Unieregering al die koste dra, maar daar die masjinerie nog nie in orde was nie, was die toestande gedurende 1926 en 1927 nog moeilik en moes die

provinsie weer fondse beskikbaar stel. Die Unieregering het die koste gedra maar die administratiewe beheer oor naturelleonderwys het in die hande van die provinsies gebly. Die dubbele beheer het egter blykbaar geen noemenswaardige moeilikhede opgelewer nie want die verslae meld daar niks van nie.

(b) Opleiding van Onderwysers. Die werk in die skole was van 'n uiters swak gehalte volgens die eerste inspeksieverslae, en die owerhede het besef dat 'n begin by die bron van die moeilikheid gemaak moes word. Geen goeie werk kon immers verwag word van swak onderwysers nie. Die sendinggenootskappe het daartoe oorgegaan om opleidingsinrigtings vir onderwysers te open en die departement het die inrigtings ook ondersteun. Die eerste twee is te Kilnerton (Wesleyaans) en Lemana (Sweeds) geopen. Daarna is nog twee geopen, een te Pietersburg (Anglikaans) en een te Bothsabelo (Berlynse Sending), sodat daar in Januarie 1907 reeds vier bestaan het. Die laasgenoemde inrigting is in 1916 gesluit en eers weer in 1929 heropen. Vanaf 1935 is daar meer inrigtings opgerig, totdat daar in 1940 nege was.

Geleidelik het die aantal onderwysers toegeneem en die persentasie gesertifiseerdes verbeter met die gevolg dat die werk in die skole ook verbeter het.

Tabel XXVIII. Aantal Onderwysers en Aantal Gesertifiseerde Onderwysers in Naturelleskole in die Transvaal 1913 tot 1940.

| Jaar | 1913 | 1915 | 1920 | 1925 | 1930 | 1935 | 1940 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal Onderwysers | 451 | 548 | 891 | 898 | 1100 | 1775 | 2583 |
| Aantal Gesertifiseerde | 34 | 106 | 258 | 405 | 878 | 1328 | 1996 |

Tot betreklik onlangs het die inspekteurs by die meeste onderwysers 'n vooroordeel teen handearbeid in die

skole aangetref (vgl. infra). Die enigste uitkoms was om by die opleidingsinrigtings met die invoering daarvan te begin en om die onderwysers op te lei om die opvoedkundige en kulturele waarde daarvan in te sien. In 1921 het inspekteur Johns gemeld dat houtwerk en landbou in al drie die inrigtings onderrig is. Te Lomana is ook baie aandag aan die maak van mandjies en vloermatte bestee.

Die kursus aan 'n opleidingsinrigting het drie jaar geduur. Leerlinge is na st. V toegelaat tot 1925, maar vanaf 1926 moes hulle st. VI voltooi het vir toelating tot die driejarige opleidingskursus.

In 1929 is nuwe regulasies gepubliseer wat vereis het dat 'n kandidaat vir toelating (a) 'n getuigskrif van 'n blanke moes voorlê, (b) 'n kursus van een jaar na st. VI moes voltooi het en (c) blyke moes gee van algemene bekwaamheid vir die onderwysersamp.

Voor 1929 is daar aan die einde van elke opleidingsjaar 'n eksterne eksamen afgeneem, maar die regulasies van 1929 het neergelê dat departementele eksamens slegs aan die einde van die eerste en derde jare gehou sou word. Vanaf 1931 is die eksamen vir die tweede jaar weer gehou. In 1939 is die eksamen vir die eerste jaar afgeskaf en verdienstelike kandidate deur die personeel van die skool self bevorder.

Die agterstand in hierdie opsig by die blanke Normaalkolleges is baie duidelik. As die neiging van die departement om eksterne eksamens af te skaf waar moontlik, in aanmerking geneem word, is daar net een gevolgtrekking: die opleidings-inrigtings geniet nie in dieselfde mate die vertroue van die departement as die Normaalkolleges nie. Nogtans, met die oog op al die nadele van eksterne eksamens, moet ook hier aanbeveel word dat die eksamens beperk word en so gou moontlik deur interne eksamens vervang word en dat 'n ander metode van kontrole uitgeoefen word, óf deur gereelder inspeksie óf deur die hoofskap van die inrigtings

toe te vertrou aan persone wat dieselfde rang sal beklee as die inspekteurs van naturelle-onderwys.

Omdat die naturelle-onderwysers, nadat hulle die inrigtings verlaat het, baie gou agteruitgegaan het, en ook omdat hulle nie by magte was om nuwe regulasies en leerplanne reg te vertolk nie, is daar dikwels vakansie-kursusse gehou, waarvan die bywoning soms verpligtend was.

(c) Inspekteurs en hulle werk. In 1903 is W.E.C. Clarke as superintendent van naturelle-onderwys aangestel. Hy moes die skole inspekteer en alle leerlinge klassifiseer na indiwiduele eksáminering, verslag doen oor die algemene toestande, registers en rekenings nasien, die bekwaamheid van die onderwysers beoordeel, e.d.m.

In 1904 het hy hulp gekry deur die aanstelling van T.J.B. Jones wat die noordelike distrikte oorgeneem het. Die werk was egter nog te veel en Clarke het gemeen dat die distriksinspekteurs moes help. Toe Clarke in 1906 waarnemende sekretaris van onderwys geword het, het Jones in die noordelike distrikte aangebly as inspekteur van naturelleskole, maar in al die ander distrikte het dié skole onder die toesig van die distriksinspekteurs gekom, waar hulle gebly het tot in 1920 toe daar drie inspekteurs vir naturelle-onderwys aangestel is. Gedurende die tydperk 1906 tot 1920 het die distriksinspekteurs ook oor naturelle-skole verslag uitgebring. In hulle jaarverslae het naturelleskole heel weinig aandag ontvang en die indruk word gelaat dat hulle in die praktyk ook nie te veel aandag geniet het nie. Dit is nie bevreemdend nie daar die inspekteurs steeds oor te veel werk gekla het en in die eerste plaas vir blanke skole aangestel was. Hulle kon die taal van die naturelle gewoonlik nie verstaan nie, afstande was groot en vervoer stadig. Swarbreck se bevinding by oor-name was dan ook dat die inspeksie van naturelleskole verwaarloos was. Sommige skole in sy kring was vir selfs vier jaar nie geïnspekteer nie. Hy het egter nie die

distriksinspekteurs verwyt nie, maar bygevoeg dat hulle nie in staat was om al die skole te besoek nie.

In sy verslag het die Onderwyskommissie van 1917 aanbeveel dat spesiale inspekteurs vir naturelle-onderwys aangestel moes word. In 1919 is R.W. Swarbreck, J.C. Johns en N.D. Achterberg aangestel en in 1920 het hulle alle skole oorgeneem. Geleidelik het die aantal skole ook vir hulle te veel geword en moes meer inspekteurs aangestel word, sodat daar in 1940 agt in die diens van die departement was.

Die aanstelling van inspekteurs vir naturelle-onderwys was 'n groot verbetering op die ou stelsel. Naturelle-onderwys het sy eie probleme wat grootliks verskil van die onderwys vir blankes en wat deurtastend deurdink en nagevors moet word. Hiervoor het die kring-inspekteurs nie die geleentheid en waarskynlik nie die lus gehad nie. Kennis van die naturelletale is 'n vereiste, sowel as deeglike ondervinding van die spesifieke aangeleenthede.

Om die werk van die inspekteurs verder te koördineer, is daar in 1935 'n hoofinspekteur aangestel, nl. dr. W. Eiselen.

Daar is ook van die dienste van naturelleopsieners gebruik gemaak om die inspekteurs behulpsaam te wees. In 1926 is die eerste opsiener by wyse van proefneming aangestel en so suksesvol was die proefneming dat daar in 1928 reeds ses en in 1940 vyftien naturelle-opsieners was.

Inspeksie het steeds indiwiduele ondersoek van alle leerlinge vir bevordering van die een st. na die volgende ingesluit, totdat die werk in 1931 ook te veel geword het en 'n begin met gelyktydige oorplasings gemaak is. Dit het die inspekteurs meer geleentheid gegee om hulle op die verbetering van die algemene doeltreffendheid van die skole toe te lê.

(d) Die Werk in die Skole.

Vanaf die begin het die departement daarop aangedring dat daar in die naturelleskole aandag aan handearbeid gegee moes word. Reeds in 1903 het die Uitvoerende Raad neergelê dat die opleidingskursus vir onderwysers o.a. onderrig in 'n handearbeidvak moes insluit. Hierdie aspek is gedurig weer beklemtoon omdat dit besef is dat handearbeid by die aard ěn die omgewing van die naturel pas. Die doel was nie soseer om opvoedkundige voordeel uit die aktiwiteite te trek nie as wel om ekonomiese redes. Nogtans was die beginsel gesond, as dit maar in die skole ingevoer kon word.

Geleidelik is handearbeid in die skole ingevoer, maar die vooroordeel was groot: die ouers het dit as verslawing van hulle kinders beskou; die onderwysers het dit slegs gedoen om die inspekteur te bevredig. Die nodige fasiliteite het steeds ontbreek, die onderwysers was nie daarvoor opgelei nie en het nie die nodige entoesiasme aan die dag gelê nie; ook het hulle nie die opvoedkundige waarde van aktiwiteit, soos deur die nuwe opvoeding bewys, ingesien nie. Dit is geen wonder dat die onderwysers dit aanvanklik nie kon begryp nie as in aanmerking geneem word dat die invoering van aktiwiteite in blanke skole slegs van resente datum is en nog nie oral byval vind nie.

Die naturelle-ouers en -onderwysers het boekgeleerdheid, veral soos in die blanke skole aangebring, beskou as die oorsaak van die blanke se beskawing en sy baasskap, en wou dus boekgeleerdheid in hulle skole hê. Byna gedurig moes die inspekteurs kla dat handearbeid geen opgang wou maak nie en dat boekgeleerdheid werktuiglik en doods was, en 'n nabootsing van die werk in die blanke skole.

Met al die nadruk wat die departement op leerplanne gelê het wat by die aard van die naturel moes aanpas, en

met die goeie toesig wat die departement deur middel van sy inspekteurs op die skole uitgeoefen het, moes Achterberg nog in 1931 rapporteer dat handwerk nog die Cinderella van naturelleonderwys was, omdat die skole nie van voldoende gereedskap voorsien was nie, grond of materiaal om te bewerk nie verskaf is nie, tuine nie omhein en daar geen werkplase was nie, en die onderwys nie onder toesig van opgeleide opsieners gestaan het nie.

Naaldwerk is wel vanaf die vroegste jare onderwys, en telkens het die een of ander inspekteur van die opbloei van handearbeid in sy kring melding gemaak, maar dit moes sporadiese en tydelike verskynsels gewees het, want later verslae het gewoonlik weer die afwesigheid van sodanige onderrig betreur.

Die voertaal in naturelleskole was tot ongeveer 1930 deurgaans Engels. Dit is onbegryplik dat so 'n middeleeuse wanpraktyk selfs onder 'n verligte direkteur soos Adamson kon bly voortbestaan, al was dit dat die ouers dit begeer het omdat hulle daarin ekonomiese en beskawingsvoordele gesien het. Toe pogings in 1930 en 1931 aangewend is om die moedertaal as voertaal in te voer, het daar geweldige teëstand van die kant van die ouers gekom, maar toe die onderwysers begin merk het hoeveel deegliker die onderwys kon wees, het hulle self die moedertaal alhoemeer as voertaal gebruik en dit ook as taal beter onderrig.

In 1930 is Afrikaans as vak in die skole ingevoer, maar geen spoedige resultate kon verwag word nie, daar die naturelle-onderwysers nog nie bekwaam was om dit te onderwys nie. Ook in die opleidingsinrigtings is dit ingevoer, eers as opsionele, maar vanaf 1936 as verpligte vak. Vanaf 1938 kon dit ook in alle laerskole verpligtend gemaak word. So moes laerskoolleerlinge reeds drie tale leer, en die hoofinspekteur het daar niks verkeerds in gesien nie, aangesien naturellekinders, volgens hom, 'n

beter aanleg vir tale het as blanke kinders. Opvoedkundig was dit sekerlik nie gesond nie.

(e) Geboue en Uitrusting moes deur die sendinggenootskappe self voorsien word. Met behulp van die naturelle is daar baie geboue opgerig wat gewoonlik uiters ondoeltreffend was. Hierbenewens is kerkgeboue vir skooldoeleindes gebruik. Hulle was net so onbevredigend aangesien die ventilasie en beligting veel te wense oorgelaat het en soms ses klasse, elk met 'n eie onderwyser, in die onverdeelde ruimte moes werk. Daar is min faktore waaroor daar soveel klagtes in die inspeksieverslae gelug is as oor die geboue en die uitrusting.

Verbetering het eers gekom toe die departement in 1936 'n huurtoelaag aangebied het vir doelmatige geboue opgerig na 1 April 1935. Jaarliks is daar talle nuwe geboue onder hierdie skema opgerig, sodat daar in 1940 reeds vir ongeveer 25,000 leerlinge voorsiening gemaak was. 'n Bedrag van £30,000 wat in 1940 deur die Naturelletrust beskikbaar gestel is, het die vooruitsig op nog groter voorsiening daargestel.

Wat die uitrusting betref, was die toestand op enkele uitsonderinge na in 1940 nog baie onbevredigend.

'n Blik oor die hele tydperk heen toon dat naturelle-onderwys sy grootste vooruitgang beleef het sedert 1920 toe die drie spesiale inspekteurs aangestel is wat al hulle tyd en aandag aan die welvaart daarvan kon bestee. Die aantal skole en leerlinge het geweldig toegeneem, en die aantal onderwysers het proporsioneel gestyg. Die grootste verbetering het egter ingetree t.o.v. die kwalifikasies van die onderwysers, en hiermee het die departement ver gevorder met die verwesenliking van sy doel, nl. dat by die bron van die moeilikheid - die opleiding van onderwysers - begin moes word. Ook t.o.v. geboue was die verbetering groot, veral gedurende die laaste vier of vyf jaar van die tydperk.

Veel bly egter nog oor om gedoen te word. Aangesien die departement veral t.o.v. die naturelle-onderwys die moderne beginsels van aktiwiteit en aanpassing by die lewe van die gemeenskap huldig, is dit 'n eerste vereiste dat die fasiliteite daarvoor voorsien moet word. Selfs opgeleide spesialiteite kan nie sonder die nodige gereedskap en materiaal werk nie, en as die sendinggenootskappe geen voorsiening kan maak nie, moet die departement by die Naturelletrust of elders aansoek doen vir fondse om in hierdie groot behoefte te voorsien. Die eerste verantwoordelikheid rus op die departement.

'n Ander belangrike saak is die behoefte aan meer skole opgerig deur die Afrikaanse kerke. Sending in die Soedan en elders is m.i. minder noodsaaklik as sending onder die eie naturelle. Eers as in die eie behoefte voorsien is, kan die pogings elders heen uitgebrei word. Dit is 'n saak wat by die kerke berus.

'n Derde belangrike vereiste is die sentralisasie van klein skooltjies in 'n gebied; egter nie op so 'n wyse dat vervoer oor lang afstande nodig moet wees nie. Die nut van groter skole is reeds deeglik bewys t.o.v. die onderwys aan blankes, daar baie meer en beter fasiliteite verskaf kan word as op talle kleiner skooltjies.

--------------oOo--------------